DIE PROVINSIE TRANSVAAL
Offisiële Koerant
(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

THE PROVINCE OF TRANSVAAL
Official Gazette
(Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. CLXX.] PRYS 6d. PRETORIA, 5 AUGUSTUS 5 AUGUST 1959. PRICE 6d. [No. 2782.

INHOUD AGTERIN.

CONTENTS ON BACK PAGES.

No. 136 (Administrateurs-), 1959.]

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal 'n aansoek ontvang is om toestemming om die dorp Leeuhof te stig op Gedeelte 58 van die plaas Leeuwkuil No. 81, distrik Vereeniging;

En nademaal aan die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, wat op die stigting van dorpe betrekking het, voldoen is;

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by subartikel (4) van artikel *twintig* van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat genoemde dorp 'n goedgekeurde dorp is, onderworpe aan die voorwaardes vervat in die bygaande Bylae.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Een-en-twintigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Nege-en-vyftig.

F. H. ODENDAAL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
T.A.D. 4/8/1749.

BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR DIE NASIONALE BEHUISINGS- EN BEPLANNINGSKOMMISSIE INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE DORPE- EN DORPSAANLEG-ORDONNANSIE, 1931, OM TOESTEMMING OM INGEVOLGE WET NO. 33 VAN 1907, 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 58 VAN DIE PLAAS LEEUWKUIL NO. 81, DISTRIK VEREENIGING, TOEGESTAAN IS.

A—STIGTINGSVOORWAARDES.

1. *Naam.*

Die naam van die dorp is Leeuhof.

2. *Ontwerpplan van die dorp.*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangewys op Algemene Plan L.G. No. A.497/58.

3. *Water.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat—

(*a*) 'n voorraad water geskik vir menslike gebruik en wat toereikend is om aan die vereistes van die inwoners van die dorp te voldoen wanneer dit heeltemal toegebou is, met inbegrip van voorsiening vir brandweerdienste, beskikbaar is;

(*b*) reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is in verband met die lewering van water in (*a*) hierbo genoem en die retikulasie daarvan deur die hele dorp: Met dien verstande dat onderstaande bepalings in sodanige reëlings ingesluit word:—

(i) dat die applikant 'n geskikte voorraad water tot by die straatfront van die erf moet laat aanlê voordat die planne van 'n gebou wat op die erf opgerig sal word, deur die plaaslike bestuur goedgekeur word;

No. 136 (Administrator's), 1959.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas an application has been received for permission to establish the township of Leeuhof on Portion 58 of the farm Leeuwkuil No. 81, District of Vereeniging;

And whereas the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, relating to the establishment of townships, have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (4) of section *twenty* of the said Ordinance, I hereby declare that the said township shall be an approved township, subject to the conditions contained in the Schedule hereto.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand at Pretoria on this Twenty-first day of July, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

F. H. ODENDAAL,
Administrator of the Province of Transvaal.
T.A.D. 4/8/1749.

SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY THE NATIONAL HOUSING AND PLANNING COMMISSION UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWNSHIPS AND TOWN-PLANNING ORDINANCE, 1931, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP UNDER THE PROVISIONS OF ACT NO. 33 OF 1907, ON PORTION 58 OF THE FARM LEEUWKUIL NO. 81, DISTRICT OF VEREENIGING, WAS GRANTED.

A—CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. *Name.*

The name of the township shall be Leeuhof.

2. *Design of Township.*

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A.497/58.

3. *Water.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that—

(*a*) a supply of potable water, sufficient for the needs of the inhabitants of the township when it is fully built up, including provision for fire-fighting services, is available;

(*b*) arrangements to the satisfaction of the local authority have been made regarding the delivery of the water referred to in (*a*) above and the reticulation thereof throughout the township: Provided that such arrangements shall include the following provisions:—

(i) that before the plans of any building to be erected upon any erf are approved by the local authority the applicant shall cause a suitable supply of water to be laid on to the street frontage of the erf;

(ii) dat alle koste van, of in verband met, die installering van 'n installasie en toebehore vir die lewering, opgaar, indien nodig, en retikulasie van water, deur die applikant gedra moet word, en genoemde applikant is ook aanspreeklik om sodanige installasie en toebehore in 'n goeie toestand te onderhou tot tyd en wyl hulle deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat, indien die plaaslike bestuur vereis dat die applikant 'n installasie en toebehore van 'n groter kapasiteit as wat vir die dorp nodig is, moet installeer, die ekstra koste wat daardeur meegebring word deur die plaaslike bestuur gedra moet word;

(iii) dat die plaaslike bestuur daartoe geregtig is om genoemde installasie en toebehore te eniger tyd kosteloos oor te neem op voorwaarde dat ses maande kennis gegee moet word: Met dien verstande dat die applikant gelde vir water wat gelewer word teen 'n tarief deur die plaaslike bestuur goedgekeur, kan vorder tot tyd en wyl die plaaslike bestuur genoemde waterlewering oorneem;

(*c*) die applikant geskikte waarborge aan die plaaslike bestuur verstrek het met betrekking tot die nakoming van sy verpligtings kragtens bostaande reëlings.

'n Beknopte verklaring waarin die aard en hoeveelheid van die watervoorraad beskikbaar en die hooftrekke van die reëlings tussen die applikante en die plaaslike bestuur getref, uiteengesit word, met spesiale vermelding van die waarborge in subparagraaf (*c*) genoem, moet tesame met genoemde sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

4. *Sanitêre dienste.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir sanitêre dienste in die dorp, met inbegrip van die voorsiening vir die afvoer van afvalwater en vuilisverwydering.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlings moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

5. *Elektrisiteit.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir die lewering van elektrisiteit en die distribusie daarvan deur die hele dorp.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlings moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

6. *Begraafplaas-, stortings- en Naturellelokasieterreine.*

Die applikant moet tot voldoening van die Administrateur met die plaaslike bestuur reëlings tref ten opsigte van die verskaffing van 'n stortingsterrein en terreine vir 'n begraafplaas en Naturellelokasie. As sodanige verskaffing bestaan uit grond aan die plaaslike bestuur oorgedra te word, is die oordrag daarvan nie onderworpe aan voorwaardes waarby die gebruik of die reg van vervreemding daarvan deur die plaaslike bestuur beperk word nie.

7. *Opheffing van bestaande serwituut en voorwaardes.*

Die applikant moet sorg dat Notariële Ooreenkoms No. 654/1919S en die volgende voorwaardes opgehef word:—

Dat die Stadsraad van Vereeniging sodanige gedeelte of 'n gedeelte daarvan aan die Goewerment van die Unie of enige Departement daarvan met inbegrip in dié verband van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawensadministrasie (almal hierna die Unie-goewerment genoem) mag verkoop of verhuur en die opbrengs daaruit verkry vir sy eie rekening en voordeel mag ontvang en behou. Enige verkoop of verhuur van genoemde gedeelte of 'n gedeelte daarvan deur die Stadsraad van Vereeniging aan die Unie-Goewerment, soos hiervoor genoem,

(ii) that all costs of, or connected with, the installation of plant and appurtenances for the delivery, storage if necessary, and reticulation of the water shall be borne by the applicant, who shall also be responsible for the maintenance of such plant and appurtenances in good order and repair until they are taken over by the local authority: Provided that if the local authority requires the applicant to install plant and appurtenances of a capacity in excess of the needs of the township the additional costs occasioned thereby shall be borne by the local authority;

(iii) that the local authority shall be entitled to take over free of cost the said plant and appurtenances at any time, subject to the giving of six months notice: Provided that until the local authority takes over the said water supply the applicant may make charges for water supplied at a tariff approved by the local authority;

(*c*) the applicant has furnished the local authority with adequate guarantees regarding the fulfilment of its obligations under the above-mentioned arrangements.

A summarised statement setting forth the nature and quantity of the available supply of water and the major features of the arrangements entered into between the applicant and the local authority, with special reference to the guarantees referred to in sub-paragraph (*c*) shall accompany the said certificate as an annexure thereto.

4. *Sanitation.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the sanitation of the township, which shall include provision for the disposal of waste water and refuse.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

5. *Electricity.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the supply and distribution of electricity throughout the township.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

6. *Cemetery, Depositing and Native Location Sites.*

The applicant shall make arrangements with the local authority to the satisfaction of the Administrator in regard to the provision of a depositing site and sites for a cemetery and Native location. Should such provision consist of land to be transferred to the local authority, transfer thereof shall be free of conditions restricting the use or the right of disposal thereof by the local authority.

7. *Cancellation of Existing Servitude and Conditions.*

The applicant shall obtain the cancellation of Notarial Agreement No. 654/1919S and the following conditions:—

That the Town Council of Vereeniging may sell or lease such portion or any part thereof to the Government of the Union or any Department thereof and including in that regard the South African Railways and Harbours Administration (all hereinafter referred to as the Union Government) and to receive and retain the proceeds realized therefrom for its own account and benefit. Any sale or lease of the said portion or any part thereof by the Town Council of Vereeniging to the Union Government as aforesaid,

moet onderworpe gemaak word aan die voorwaarde dat geen nywerhede of handel daarop gedryf mag word nie en dat geen gedeelte daarvan as 'n dorp of as landbouhoewe uitgelê mag word nie, uitgesonderd soos hierbo genoem en uitgesonderd soos in die volgende subartikel genoem, het die Stadsraad van Vereeniging nie die reg om genoemde gedeelte of 'n gedeelte daarvan te vervreem nie en, tensy en totdat dit aan die Unie-goewerment verkoop of verhuur is, mag dit deur die Stadsraad van Vereeniging gehou en gebruik word vir die gebruik en voordeel van die inwoners of gemeenskap van die dorp Vereeniging tot die mate en vir die doel wat die Stadsraad van Vereeniging van tyd tot tyd kan besluit met inbegrip van die reg om lokasies vir Naturelle en/of Kleurlinge en/of Asiatiese basaars op sodanige gedeelte of 'n gedeelte daarvan op te rig en wat laasgenoemde betref sodanige regte, magte en bevoegdhede kan uitoefen as wat in artikel *tien* van Ordonnansie No. 17 van 1905 en artikel *twee* van Wet No. 30 van 1936 vervat is, onderworpe aan die voorbehoudsbepaling in sodanige artikel vervat.

Genoemde Gedeelte 26 (waarvan die figuur J.G.H. op dié aangehegte skets gemerk 'n deel uitmaak) is onderworpe aan die verdere voorwaarde dat die Stadsraad van Vereeniging te eniger tyd die registrasie op koste van The Vereeniging Estates, Limited, sy opvolgers tot die eiendomsreg of persone in sy plek aangewys, toelaat wanneer hy daarom versoek word deur The Vereeniging Estates, Limited, sy opvolgers tot die eiendomsreg of persone in sy plek aangewys, as eienaars van die resterende gedeelte van genoemde plaas Leeuwkuil No. 81 sonder enige verdere koste of oorweging van 'n serwituut van deurgangsreg oor voornoemde eiendom ten opsigte van 'n gebied van hoogstens 25 voet breed ten gunste van The Vereeniging Estates, Limited, as voornoemde eienaar vir die doel om spoorlyne oor sodanige gebied te bou en te gebruik. Die presiese ligging van sodanige serwituut wat nie die regte van die Stadsraad van Vereeniging onredelik moet benadeel nie, moet onderling ooreenkom word en word by ontstentenis van 'n oreenkoms, na 'n arbitrasie verwys ooreenkomstig die Arbitrasiewette van die Provinsie Transvaal op daardie oomblik.

Daar word egter spesiaal bepaal dat, as The Vereeniging Estates, Limited, 'n spoorlyn oor Gedeelte 29 van genoemde plaas Leeuwkuil bou ingevolge bepaling 6 van Akte van Oordrag No. 12676 van 1942, genoemde Maatskappy nie daarna op bogenoemde deurgangsreg geregtig sal wees nie.

Genoemde Gedeelte 26 (waarvan die figuur J.G.H. op die aangehegte skets gemerk 'n gedeelte uitmaak) is voorts onderworpe aan die voorwaarde dat die Stadsraad van Vereeniging, wanneer hy deur die Vereeniging Estates, Limited, sy opvolgers tot die eiendomsreg of persone in sy plek aangewys, hierna die eienaars genoem, daarom versoek word, die registrasie op koste van The Vereeniging Estates, Limited, toelaat van 'n Serwituut van deurgangsreg van hoogstens 25 voet breed oor genoemde Gedeelte No. 26 (waarvan die figuur J.G.H. op die aangehegte skets gemerk 'n deel uitmaak) en oor Gedeelte 29 van genoemde plaas Leeuwkuil No. 81, distrik Vereeniging ten gunste van The Vereeniging Estates, Limited, of sy opvolgers tot die eiendomsreg of persone in sy plek aangewys, as eienaar van Spoorwegreserwes No. 65, 66, 67, 68, 70 en 71 geleë in die Nywerheidsdorp Powerville, distrik Vereeniging, en van die resterende gedeelte van genoemde plaas Leeuwkuil No. 81, vir die doel van die bou en gebruik van spoorlyne tussen genoemde Spoorwegreserwes en die Spoorwegopstellingswerf of stasie wat in die omgewing van Landbouhoewe Roodstuin, distrik Vereeniging, opgerig gaan word. Die presiese ligging van sodanige serwituut, wat nie die regte van die Stadsraad van Vereeniging of van die eienaar van enige erf in 'n dorp waarop dit betrekking het onredelik moet benadeel nie, moet onderling ooreengekom word en word by ontstentenis van 'n ooreenkoms, na arbitrasie verwys ooreenkomstig die Arbitrasiewette in die Provinsie Transvaal op die oomblik.

shall be made subject to the condition that no industries or trade shall be conducted thereon and that no part thereof shall be laid out as a township or in agricultural holdings, save as above provided and save as in the next sub-section provided the Town Council of Vereeniging shall not be entitled to alienate the said portion or any part thereof and unless and until sold or leased to the Union Government shall be held and employed by the Town Council of Vereeniging for the use and benefit of the inhabitants or community of the Town of Vereeniging to the extent and for the purpose of the Town Council of Vereeniging may from time to time decide upon, inclusive of the right to establish on such portion or on any part thereof locations for Natives and/or Coloured persons and/or Asiatic bazaars and in so far as the latter are concerned may exercise such rights, powers and authorities as are contained in section *ten* of Ordinance No. 17 of 1905 and section *two* of Act No. 30 of 1936 subject to the proviso in such section contained.

The said Portion 26 (of which the figure marked J.G.H. on the annexed diagram forms a portion) is subject to the further condition that the Town Council of Vereeniging shall at any time upon being required by the Vereeniging Estates, Limited, its Successors-in-Title or Assigns, as Owners of the remaining extent of the said farm Leeuwkuil No. 81, to do so, permit the registration at the expense of The Vereeniging Estates, Limited, its Successors-in-Title or Assigns, without any further charge or consideration of a servitude of right of way over the property aforesaid in respect of an area not exceeding 25 feet in width in favour of The Vereeniging Estates, Limited as owner aforesaid, for the purpose of constructing and using railway lines over such area. The exact situation of such servitude, which shall not cause unreasonable interference with the rights of the Town Council of Vereeniging, shall be mutually agreed upon and failing agreement shall be referred to arbitration according to the Arbitration Laws in the Province of the Transvaal for the time being.

It is specially provided, however, that if The Vereeniging Estates, Limited, establishes a railway line over Portion 29 of the said farm Leeuwkuil in terms of Condition 6 of Deed of Transfer No. 12676 of 1942 the said Company shall not thereafter be entitled also to the right of way above-mentioned.

The said Portion 26 (of which the figure marked J.G.H. on the annexed diagram forms a portion) is further subject to the condition that the Town Council of Vereeniging, upon being required to do so by the Vereeniging Estates, Limited, its Successors-in-Title or Assigns, as owners hereinafter mentioned, shall permit the registration at the expense of The Vereeniging Estates, Limited, of a servitude of right of way not exceeding 25 feet in width over the said Portion 26 (of which the figure marked J.G.H. on the annexed diagram forms a portion) and over Portion 29 of the said farm Leeuwkuil No. 81, District Vereeniging, in favour of The Vereeniging Estates, Limited, or its Successors-in-Title or Assigns as owner of Railway Reserves Nos. 65, 66, 67, 68, 70 and 71, situate in the Industrial Township of Powerville, District of Vereeniging and of the remaining extent of the said farm Leeuwkuil No. 81, for the purposes of constructing and using railway lines between the said Railway Reserves and the Railway marshalling yard or station which is about to be established in the vicinity of Roods Gardens Agricultural Holdings, District Vereeniging. The exact situation of such servitude which shall not cause unreasonable interference with the rights of the Town Council of Vereeniging or of the owner of any erf in any township affected, shall be mutually agreed upon and failing agreement shall be referred to arbitration according to the arbitration laws in the Province of the Transvaal for the time being.

8. *Skenking.*

Die applikant moet, ingevolge artikel *sewe-en-twintig* (1) (*b*) van Ordonnansie No. 11 van 1931, £23,100 as skenking aan die plaaslike bestuur betaal sodra die dorp geproklameer is.

9. *Grond vir Goewerments- en ander doeleindes.*

Die volgende erwe op die Algemene Plan moet op eie koste deur die applikant aan die betrokke owerhede oorgedra word:—

(*a*) Vir Goewermentsdoeleindes:—

(i) Algemeen: Erf No. 125.
(ii) Onderwys: Erf No. 256.

(*b*) Vir munisipale doeleindes:—

(i) Algemeen: Erf No. 176.
(ii) As parke: Erwe Nos. 249 tot 254.
(iii) As transformatorterrein: Erf No. 255.

10. *Regte nie oorgedra te word nie.*

Die „zuipingsrecht" in die Kliprivier en die deurgangsreg, 20 voet breed, oor die resterende gedeelte van die plaas Klipplaatdrift No. 83, vir die doel om die „zuipingsrecht" te geniet, en waarop die grond geregtig is, mag nie aan eienaars van erwe in die dorp oorgedra word nie.

11. *Aanvaarding en afvoer van neerslagwater.*

Die applikant moet op eie koste reëlings tot voldoening van die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie tref vir die aanvaarding en afvoer van neerslagwater wat van die eiendom van die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie na die dorp afloop.

12. *Nakoming van voorwaardes.*

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en ander voorwaardes genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtinge te onthef en sodanige verpligtinge by enige ander persoon of liggaam van persone te laat berus.

B—TITELVOORWAARDES.

1. *Alle erwe.*

Die erf is nie geregtig tot die „zuipingsrecht" in die Kliprivier en die deurgangsreg, 20 voet breed, oor die resterende gedeelte van die plaas Klipplaatdrift No. 83, vir die doel om die „zuipingsrecht" te geniet nie, maar is onderworpe aan bestaande voorwaardes en serwitute, met inbegrip van die voorbehoud van mineraleregte maar met uitsluiting van die serwituut geregistreer kragtens Notariële Akte No. 517/1942S wat slegs op Erwe Nos. 176 en 254 betrekking het.

2. *Die Erwe met sekere uitsonderings.*

Die erwe, uitgesonderd—

(i) die erwe wat in klousule A 9 hiervan genoem word;
(ii) erwe wat vir Goewerments- of Provinsiale doeleindes verkry word; en
(iii) erwe wat vir munisipale doeleindes verkry word mits die Administrateur, na raadpleging met die Dorperaad, die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het;

is onderworpe aan onderstaande verdere voorwaardes:—

(A) *Algemene voorwaardes.*

(*a*) Die applikant en enige ander persoon of liggaam van persone wat skriftelik deur die Administrateur daartoe magtiging verleen is, het, met die doel om te sorg dat hierdie voorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931 nagekom word, die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde sodanige inspeksie te doen of ondersoek in te stel as wat vir bovermelde doel gedoen of ingestel moet word.

8. *Endowment.*

The applicant shall in terms of section *twenty-seven* (1) (*b*) of Ordinance No. 11 of 1931, on proclamation of the township pay to the local authority as an endowment the sum of £23,100.

9. *Land for Government and other Purposes.*

The following erven on the general plan shall be transferred to the proper authorities by and at the expense of the applicant:—

(*a*) For Government purposes:—

(i) General: Erf No. 125.
(ii) Educational: Erf No. 256.

(*b*) For Municipal purposes:—

(i) General: Erf No. 176.
(ii) As parks: Erven Nos. 249 to 254.
(iii) As a transformer site: Erf No. 255.

10. *Rights Not to be Passed On.*

The "zuipingsrecht" in the Klip River and the right of way, 20 feet wide, for the purpose of enjoying the "zuipingsrecht", over the remaining extent of the farm Klipplaatdrift No. 83, to which the land is entitled, shall not be passed on to owners of erven in the township.

11. *Acceptance and Disposal of Stormwater.*

The applicant shall at its own expense make arrangements to the satisfaction of the South African Railways Administration for the acceptance and disposal of stormwater which drains from the property of the South African Railways Administration onto the township.

12. *Enforcement of Conditions.*

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

B—CONDITIONS OF TITLE.

1. *All Erven.*

The erf shall not be entitled to the "zuipingsrecht" in the Klip River and the right of way, 20 feet wide, for the purpose of enjoying the "zuipingsrecht" over the remaining extent of the farm Klipplaatdrift No. 83, but shall be subject to existing conditions and servitudes, including the reservation of rights to minerals, but excluding the servitude registered under Notarial Deed No. 517/1942S which affects only Erven Nos. 176 and 254.

2. *The Erven with Certain Exceptions.*

The erven with the exception of—

(i) the erven mentioned in clause A 9 hereof;
(ii) such erven as may be acquired for Government or Provincial purposes; and
(iii) such erven as may be acquired for municipal purposes provided the Administrator, after consultation with the Board, has approved the purposes for which such erven are required;

shall be subject to the further conditions hereinafter set forth:—

(A) *General Conditions.*

(*a*) The applicant and any other person or body of persons so authorised, in writing, by the Administrator shall, for the purpose of securing the enforcement of these conditions and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931, have the right and power at all reasonable times to enter into and upon the erf for the purpose of such inspection or inquiry as may be necessary to be made for the abovementioned purpose.

(*b*) Die erf of enige gedeelte daarvan mag nie aan 'n Kleurling oorgedra, verhuur of op 'n ander manier toegewys of van die hand gesit word nie en geen Kleurlinge, uitgesonderd die eienaar of okkupeerder se bediendes, *bona fide* en noodsaaklik in diens op die erf, mag toegelaat word om daarop te woon of om dit op 'n ander manier te okkupeer nie.

(*c*) Die opstand van alle geboue moet voldoen aan die vereistes van goeie argitektuur sodat dit nie die bevalligheid van die omgewing benadeel nie.

(*d*) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg om, behalwe om die erf vir boudoeleindes in gereedheid te bring, enige materiaal daarop te grawe sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur.

(*e*) Geen dier soos omskryf in die Skutregulasies van Plaaslike Besture, mag op die erf aangehou of op stal gesit word nie sonder die toestemming van die plaaslike bestuur.

(*f*) Geen geboue van hout en/of sink of geboue van roustene mag op die erf opgerig word nie.

(*g*) Waar dit na die mening van die plaaslike bestuur onuitvoerbaar is om neerslagwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n publieke straat af te voer, is die eienaar van die erf verplig om te aanvaar dat sodanige neerslagwater op sy erf vloei en/of toe te laat dat dit daaroor loop: Met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging, vanwaar die neerslagwater oor 'n erf met 'n laer ligging loop, aanspreeklik is om 'n eweredige aandeel van die koste te betaal van enige pyplyn of afleivoor wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig vind om aan te lê of te bou, om die water wat aldus oor die erf loop, af te voer.

(B) *Spesiale besigheidserwe.*

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (A) hiervan, is Erwe Nos. 122, 123 en 124 aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(*a*) Die erf moet slegs vir handels- of besigheids doeleindes gebruik word: Met dien verstande dat dit nie gebruik mag word as 'n pakhuis of vermaaklikheids- of vergaderplek, garage, nywerheidsperseel of hotel nie: Voorts met dien verstande dat—

(i) die gebou nie meer as twee verdiepings hoog mag wees totdat die erf met 'n publieke rioleeringstelsel verbind is en daarna nie meer as drie verdiepings nie;

(ii) die boonste verdieping of verdiepings vir woondoeleindes gebruik kan word;

(iii) die geboue op die erf nie meer as 70 persent van die oppervlakte van die erf ten opsigte van die grondverdieping en nie meer as 50 persent van die oppervlakte van die erf ten opsigte van die boonste verdieping of verdiepings mag beslaan nie.

(*b*) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.

(*c*) Behoudens die bepalings van enige wet, verordening of regulasie en subklousule (*a*) hiervan, is daar geen beperking wat die aantal winkels of besighede betref wat op die erf opgerig of gedryf kan word nie: Met dien verstande dat geen besigheid van 'n Naturelle-eethuis van watter aard ook al op die erf gedryf mag word nie.

(*d*) Geen hinderlike bedryf, soos omskryf òf in artikel *vyf-en-negentig* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, òf in 'n dorpsaanlegskema wat op die gebied van toepassing is, mag op die erf gedryf word nie.

(*e*) Die besigheidsgeboue moet gelyktydig met of vóór die buitegeboue opgerig word.

(*b*) The erf, or any portion thereof, shall not be transferred, leased or in any other manner assigned or disposed of to any Coloured person and no Coloured persons other than the servants of the owner or occupier bona fide and necessarily employed on the erf shall be permitted to reside thereon or in any other manner to occupy it.

(*c*) The elevational treatment of all buildings shall conform to good architecture so as not to interfere with the amenities of the neighbourhood.

(*d*) Neither the owner nor any other person shall have the right save and except to prepare the erf for building purposes, to excavate therefrom any material without the written consent of the local authority.

(*e*) Except with the consent of the local authority no animal as defined in the Local Authorities Pounds Regulations shall be kept or stabled on the erf.

(*f*) No wood and/or iron buildings or buildings of unburnt clay-brick shall be erected on the erf.

(*g*) Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for stormwater to be drained from higher lying erven direct to a public street the owner of the erf shall be obliged to accept and/or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher lying erven, the stormwater from which is discharged over any lower lying erf, shall be liable to pay a proportionate share of the cost of any pipeline or drain which the owner of such lower lying erf may find necessary to lay or construct for the purpose of conducting the water so discharged over the erf.

(B) *Special Business Erven.*

In addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, Erven Nos. 122, 123 and 124 shall be subject to the following conditions:—

(*a*) The erf shall be used for trade or business purposes only: Provided that it shall not be used for a warehouse, or a place of amusement or assembly, garage, industrial premises or an hotel and: Provided further that—

(i) until the erf is connected to a public sewerage system the building shall not exceed two storeys and thereafter not more than three storeys in height;

(ii) the upper floor or floors may be used for residential purposes;

(iii) the buildings on the erf shall not occupy more than 70 per cent of the area of the erf in respect of the ground floor and not more than 50 per cent of the area of the erf in respect of the upper floor or floors.

(*b*) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks; tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.

(*c*) Subject to the provisions of any law, by-law or regulation and sub-clause (*a*) hereof there shall be no limitation of the number of shops or businesses that may be established or conducted on the erf: Provided that no business of a kaffir eating house of any description shall be conducted on the erf.

(*d*) No offensive trade as specified either in section *ninety-five* of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, or in a town-planning scheme in operation in the area may be carried on upon the erf.

(*e*) The business premises shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.

(C) *Spesiale woonerwe.*

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (A) hiervan, is die erwe, uitgesonderd die erwe wat in subklousule (B) genoem word, aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(*a*) Die erf moet slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis op te rig: Met dien verstande dat met die toestemming van die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, 'n plek vir openbare godsdiensoefening of 'n plek van onderrig, 'n gemeenskapsaal, 'n inrigting of ander geboue wat in 'n woongebied tuishoort, op die erf opgerig kan word: Voorts met dien verstande dat wanneer die dorp in die gebied van 'n goedgekeurde dorpsaanlegskema ingesluit is, die plaaslike bestuur sodanige ander geboue waarvoor in die skema voorsiening gemaak word, kan toelaat, behoudens die voorwaardes van die skema waarvolgens die toestemming van die plaaslike bestuur vereis word.

(*b*) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.

(*c*) Uitgesonderd met die toestemming van die Administrateur wat sodanige voorwaardes kan stel as wat hy nodig ag, mag nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is, op die erf opgerig word nie: Met dien verstande dat as die erf onderverdeel word of as dit of enige gedeelte daarvan met enige ander erf of gedeelte van 'n erf gekonsolideer word, hierdie voorwaarde met die toestemming van die Administrateur op elke gevolglike gedeelte of die gekonsolideerde gebied toegepas kan word.

(i) Die waarde van die woonhuis, sonder inbegrip van die buitegeboue wat op die erf opgerig gaan word, moet minstens £1,250 wees.

(ii) Die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig en later voltooi sal word nie, moet gelyktydig met, of vóór, die oprigting van die buitegeboue opgerig word.

(*d*) Indien die erf omhein of op 'n ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal tot voldoening van die plaaslike bestuur opgerig en onderhou word.

3. *Serwitute vir riolerings- en ander munisipale doeleindes.*

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is die erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(*a*) (i) *Alle erwe.*—Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, ses voet breed, langs enigeen van sy grense uitgesonderd 'n straatgrens.

(ii) *Erwe Nos.* 50, 51, 53, 54, 65, 66, 81, 82, 83, 87, 98, 155, 162, 163 *en* 182.—Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir rioleringsdoeleindes en doeleindes in verband daarmee, ten gunste van die plaaslike bestuur, ses Kaapse voet breed, soos aangewys op die Algemene Plan.

(*b*) Geen gebou of ander struktuur mag binne voornoemde serwituutsgebied opgerig word nie en geen bome wat groot wortels ontwikkel mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne ses voet daarvan geplant word nie.

(*c*) Die plaaslike bestuur is geregtig om sodanige materiaal, as wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke as wat hy volgens goeddunke as noodsaaklik beskou, tydelik te gooi op die grond wat aan voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

(C) *Special Residential Erven.*

The erven with the exception of those referred to in sub-clause (B) shall, in addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, be subject to the following conditions:—

(*a*) The erf shall be used for the erection of a dwelling-house only: Provided that, with the consent of the Administrator after reference to the Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, social hall, institution or other buildings appertaining to a residential area may be erected on the erf: Provided further that when the township is included within the area of an approved town-planning scheme the local authority may permit such other buildings as may be provided for in the scheme subject to the conditions of the scheme under which the consent of the local authority is required.

(*b*) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.

(*c*) Except with the consent of the Administrator who may prescribe such conditions as he may deem necessary, not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf: Provided that if the erf is subdivided or it or any portion of it is consolidated with any other erf or portion of an erf, this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area.

(i) The dwelling-house, exclusive of outbuildings, to be erected on the erf shall be of the value of not less than £1,250.

(ii) The main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.

(*d*) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

3. *Servitudes for Sewerage and Other Municipal Purposes.*

In addition to the relevant conditions set out above, the erven shall be subject to the following conditions:—

(*a*) (i) *All Erven.*—The erf is subject to a servitude, six feet wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any one of its boundaries other than a street boundary.

(ii) *Erven Nos.* 50, 51, 53, 54, 65, 66, 81, 82, 83, 87, 98, 155, 162, 163 *and* 182.—The erf is subject to a servitude, 6 Cape feet wide, as indicated on the general plan, for sewerage purposes and purposes incidental thereto, in favour of the local authority.

(*b*) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 6 feet thereof.

(*c*) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance and removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of constructing, maintaining and removing such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

4. *Woordomskrywing.*

In voormelde voorwaardes het onderstaande uitdrukkings die betekenisse wat daaraan geheg word:—

(i) „Applikant" beteken die Nasionale Behuisings- en Beplanningkommissie en sy opvolgers tot die eiendomsreg van die dorp.

(ii) „Kleurling" beteken 'n Afrikaanse of Asiatiese inboorling, Kaapse Maleier of iedereen wat klaarblyklik 'n Kleurling is, en omvat enige vennootskap of maatskappy of vereniging van persone, waarin enige sodanige persoon die bevoegdheid besit om enige beheer, van watter aard ook al, uit te oefen oor die werksaamhede of bates van sodanige vennootskap of maatskappy of vereniging van persone.

(iii) „Woonhuis" beteken 'n huis wat ontwerp is vir gebruik as 'n woning deur een gesin.

5. *Goewerments- en munisipale erwe.*

As enige erf wat in klousule A 9 genoem word of erwe wat verkry word soos in klousules B. 2 (ii) en (iii) hiervan beoog, in die besit kom van enige ander persoon as die Goewerment of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige van die voormelde voorwaardes of sodanige ander voorwaardes as wat die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad bepaal.

4. *Definitions.*

In the foregoing conditions the following terms shall have the meaning assigned to them:—

(i) "Applicant" means the National Housing and Planning Commission and its successors in title to the township.

(ii) "Coloured person" means any African or Asiatic native, Cape Malay, or any person who is manifestly a Coloured person and includes any partnership or company or association of persons, in which any such person has the power to exercise any control whatsoever over the activities or assets of such partnership or company or association of persons.

(iii) "Dwelling-house" means a house designed for use as a dwelling for a single family.

5. *Government and Municipal Erven.*

Should any erf referred to in clause A 9 or erven acquired as contemplated in clauses B 2 (ii) and (iii) hereof come into the possession of any person other than the Government or the local authority, such erf shall thereupon be subject to such of the aforementioned or such other conditions as may be decided by the Administrator after consultation with the Board.

No. 137 (Administrateurs-), 1959.]

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal dit wenslik geag word om die grense van die dorp Louis Trichardt te verander deur Gedeelte 15 ('n gedeelte van Gedeelte C) van die plaas Bergvliet No. 52, distrik Zoutpansberg, daarin op te neem;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by subartikel (1) van artikel *nege-en-veertig* van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, gelees met artikel *twintig bis* van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, aan my verleen word, hierby verklaar dat die grense van genoemde dorp uitgebrei is sodat die genoemde gedeelte daarin opgeneem word op die voorwaardes uiteengesit in die Bylaag hieronder.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Vier-en-twintigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Nege-en-vyftig.

F. H. ODENDAAL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.D. 6/110.

BYLAAG.

TITELVOORWAARDES.

Die erf is by inlywing onderworpe aan die bestaande voorwaardes en serwitute.

No. 137 (Administrator's), 1959.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas it is deemed expedient to alter the boundaries of Louis Trichardt Township by the inclusion therein of Portion 15 (a portion of Portion C) of the farm Bergvliet No. 52, District of Zoutpansberg;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *forty-nine* of the Deeds Registries Act, 1937, read with section *twenty bis* of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, I hereby declare that the boundaries of the said township are extended to include the said portion, subject to the conditions set out in the Annexure hereunder.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand at Pretoria on this Twenty-fourth day of July, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

F. H. ODENDAAL,
Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.D. 6/110.

ANNEXURE.

CONDITIONS OF TITLE.

The erf shall upon incorporation be subject to the existing conditions and servitudes.

No. 138 (Administrateurs-), 1959.]

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal 'n aansoek ontvang is om toestemming om die dorp Zeerust Uitbreiding No. 2 te stig op Gedeelte 6 van die plaas Klein Marico's Poort No. 71, distrik Marico;

No. 138 (Administrator's), 1959.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas an application has been received for permission to establish the township of Zeerust Extension No. 2 on portion of the farm Klein Marico's Poort No. 71, District of Marico.

En nademaal aan die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, wat op die stigting van dorpe betrekking het, voldoen is;

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by subartikel (4) van artikel *twintig* van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat genoemde dorp 'n goedgekeurde dorp is, onderworpe aan die voorwaardes vervat in die bygaande Bylae.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Vier-en-twintigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Nege-en-vyftig.

F. H. ODENDAAL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
T.A.D. 4/8/1510.

BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR DIE STADSRAAD VAN ZEERUST, INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE DORPE- EN DORPSAANLEG-ORDONNANSIE, 1931, OM TOESTEMMING OM INGEVOLGE WET NO. 33 VAN 1907, 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 6 VAN DIE PLAAS KLEIN MARICO'S POORT NO. 71, DISTRIK MARICO, TOEGESTAAN IS.

A—STIGTINGSVOORWAARDES.

1. *Naam.*

Die naam van die dorp is Zeerust Uitbreiding No. 2.

2. *Ontwerpplan van die dorp.*

Die dorp bestaan uit erwe en strate, soos aangewys op Algemene Plan L.G. No. A.7515/50.

3. *Uitspanningserwituut.*

Die dorpsgebied moet van die bestaande uitspanning-serwituut vrygestel word.

4. *Bou van bogrondse brug of duikweg.*

Indien dit, weens die stigting van hierdie dorp, nodig word om 'n bogrondse brug of 'n duikweg te bou om die bestaande spoorwegoorgang oor die eiendom van die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens te vervang, moet die applikant die koste dra van die bou van sodanige bogrondse brug of duikweg al na die geval.

5. *Toegang tot grootpad.*

Toegang van die dienspaaie tot Provinsiale Pad No. P.2/2 word beperk tot punte oorkant die aansluitings van Rivierlaan, Middelstraat en Ooststraat by genoemde Pad No. P.2/2.

6. *Regte mag nie oorgedra word nie.*

Die volgende regte mag nie aan erfeienaars in die dorp oorgedra word nie:—

(*a*) Die regte op water afkomstig van 'n dam in die Kruisrivier;

(*b*) die reg op 'n voor om water van genoemde dam te lei;

(*c*) die deurgangsreg langs die oewers van genoemde voor; en

(*d*) die reg om grond en klippe op die suidelike gedeelte van die plaas Klein Marico's Poort No. 71 te gebruik vir die doel om voornoemde dam en voor te bou en te herstel.

And whereas the provisions of the Townships and Town-Planning Ordinance, 1931, relating to the establishment of townships, have been complied with.

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (4) of section *twenty* of the said Ordinance, I hereby declare that the said township shall be an approved township, subject to the conditions contained in the Schedule hereto.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand at Pretoria, on this the 24th day of July, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

F. H. ODENDAAL,
Administrator of the Province of Transvaal.
T.A.D. 4/8/1510.

SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY THE TOWN COUNCIL OF ZEERUST UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWNSHIP AND TOWN-PLANNING ORDINANCE, 1931, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP UNDER THE PROVISIONS OF ACT NO. 33 OF 1907, ON PORTION 6 OF THE FARM KLEIN MARICO'S POORT NO. 71, DISTRICT OF MARICO, WAS GRANTED.

A—CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. *Name.*

The name of the township shall be Zeerust Extension No. 2.

2. *Design of Township.*

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A.7515/50.

3. *Outspan Servitude.*

The township area shall be freed from the existing servitude of outspan.

4. *Construction of Overhead Bridge or Subway.*

If, by reason of the establishment of this township, it becomes necessary to construct an overhead bridge or a subway in replacement of the existing level-crossing over the South African Railways and Harbours Administration's property the applicant shall bear the cost of the construction of such overhead bridge or subway as the case may be.

5. *Access to Main Road.*

Access from the service roads to Provincial Road P.2/2 shall be limited to points opposite the junctions of Rivier Avenue, Middel Street and Oost Street with the said Road P.2/2.

6. *Rights not to be Passed on.*

The following rights shall not be passed on to the owners of erven in the township:—

(*a*) The rights to water from a dam in the Kruis River;

(*b*) the right to a furrow to lead water from the said dam;

(*c*) the right-of-way along the banks of the said furrow; and

(*d*) the right to use ground and stones on the southern portion of the farm Klein Marico's Poort No. 71 for the purpose of making and repairing the aforesaid dam and furrow.

7. *Vrystelling van verpligtings.*

(i) The dwelling-house, exclusive of outbuildings, to be erected on the erf shall be of the value of not less than £2,000;

(ii) the main building, which shall be a completed building and not one partly erected, and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.

(*d*) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 15 feet (English) from the boundary thereof abutting on a street.

(*e*) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

3. *Erven Subject to Special Conditions.*

In addition to the relevant conditions set out above the undermentioned erven shall be subject to the following conditions:—

(*a*) *Erf No.* 194.

(i) No buildings shall be erected within a distance of 100 feet of the western boundary of the erf.

(ii) The erf shall have no direct access to the street along its western boundary.

(*b*) *Erven Nos.* 7-10, 14, 16, 18, 20, 22-27, 159, 161, 163, 165, 167, 169, 171, 174, 176, 178, 180, 182, 184 *and* 186.—Notwithstanding conditions B 2 (F) (*a*) and B (2) (F) (*c*) the semi-detached dwelling-houses now existing on the erf shall be permitted to remain until demolished.

(*c*) *Erven Nos.* 194, 196 *and* 197.—The erf shall be subject to a pipeline servitude, 25 feet wide, in favour of the Rand Water Board as shown on the general plan.

4. *Servitudes for Sewerage and Other Municipal Purposes.*

In addition to the relevant conditions set out above, the erven shall be subject to the following conditions:—

(*a*) The right in prepetuity in favour of the local authority to lay down, or erect on or over or across the property, water mains, sewer and electric cables, with the right to use, maintain, repair, relay, alter, inspect and remove all existing water mains sewers and electric cables.

(*b*) The local authority may at its reasonable discretion—

(i) refuse the execution of improvements on an erf where, in its opinion, such improvements may endanger existing services contained under, over or across the property;

(ii) determine the distances improvements are to be kept away from such services to ensure their safety and protection.

5. *Definitions.*

In the foregoing conditions the following terms shall have the meaning assigned to them:—

(i) "Applicant" means New Modderfontein Gold Mining Company, Limited, and its successors in title to the township.

(ii) „Kleurling" beteken 'n Afrikaanse of Asiatiese inboorling, Kaapse Maleier of iedereen wat klaarblyklik 'n kleurling is, en omvat enige vennootskap of maatskappy of vereniging van persone, waarin enige sodanige persoon die bevoegdheid besit om enige beheer, van watter aard ook al, uit te oefen oor die werksaamhede of bates van sodanige vennootskap of maatskappy of vereniging van persone.

(iii) „Woonhuis" beteken 'n huis wat ontwerp is vir gebruik as 'n woning vir een gesin.

6. *Goewerments- en munisipale erwe.*

As 'n erf in klousule A. 11 genoem of erwe wat verkry word soos beoog in klousules B. 2 (ii) en (iii) hiervan, in die besit kom van enige ander persoon as die Goewerment of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige voornoemde voorwaardes of sodanige ander voorwaardes as wat die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad bepaal.

PROVINSIALE ADMINISTRASIE.

ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS.

Onderstaande kennisgewings wat betrekking het op die administrasie van die Provinsie Transvaal word op gesag van die Administrateur vir algemene inligting gepubliseer.

J. H. O. VAN GRAAN,
Provinsiale Sekretaris.

Kantoor van die Administrateur van Transvaal, Pretoria.

Administrateurskennisgewing No. 498.] [5 Augustus 1959.

MUNISIPALITEIT VEREENIGING.—WYSIGING VAN ABATTOIRVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Verordeninge in die bygaande Bylae uiteengesit wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

T.A.L.G. 5/2/36.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT VEREENIGING.—WYSIGING VAN ABATTOIRVERORDENINGE.

1. In hierdie Verordeninge, tensy die sinsverband anders aandui, beteken—

„abattoir" ook alle geboue, oop ruimtes en krale binne die abattoirterrein deur die Raad verskaf;

„abattoirsuperintendent" die persoon wat van tyd tot tyd deur die Raad aangestel word as superintendent van die abattoir, of enige persoon wat in daardie betrekking waarneem;

„dier" ook enige bul, os, jongos, koei, vers, jongbul, kalf, skaap, lam, bok, vark, perd, muil, donkie, of ander viervoetige dier wat gewoonlik vir menslike verbruik aangewend word;

„slagtersvleis" die eetbare gedeeltes van alle geslagte diere vir menslike verbruik bedoel maar nie ingemaakte vleis, ingelegde vleis of biltong nie;

„karkas" ook die geheel of enige gedeelte van 'n karkas;

„Raad" die Stadsraad van Vereeniging;

„Stadsgeneesheer" die stadsgeneesheer wat deur die Raad aangestel is, of enige persoon wat wettiglik namens hom optree;

„oorlas" ook—

(*a*) enige gebou of deel daarvan, binne die abattoir wat in so 'n toestand verkeer dat dit hinderlik, nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is;

(ii) "Coloured person" means any African or Asiatic Native, Cape Malay or any person who is manifestly a Coloured person and includes any partnership or company or association of persons, in which any such person has the power to exercise any control whatsoever over the activities or assets of such partnership or company or association of persons.

(iii) "Dwelling-house" means a house designed for use as a dwelling for a single family.

6. *Government and Municipal Erven.*

Should any erf referred to in clause A 11 or erven acquired as contemplated in clauses B 2 (ii) and (iii) hereof come into the possession of any person other than the Government or the local authority such erf shall thereupon be subject to such of the afore-mentioned or such other conditions as may be decided by the Administrator after consultation with the Townships Board.

PROVINCIAL ADMINISTRATION.

ADMINISTRATOR'S NOTICES.

The following notices relating to the administration of the Province of the Transvaal are published under the authority of the Administrator for general information.

J. H. O. VAN GRAAN,
Provincial Secretary.

Office of the Administrator of Transvaal, Pretoria.

Administrator's Notice No. 498.] [5 August 1959.

MUNICIPALITY OF VEREENIGING.—ABATTOIR BY-LAWS AMENDMENT.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the By-laws set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance. T.A.L.G. 5/2/36.

SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF VEREENIGING.—ABATTOIR BY-LAWS.

1. In these By-laws, unless the context otherwise indicates—

"abattoir" means and includes all buildings, open spaces and lairages within the abattoir site provided by the Council;

"abattoir superintendent" means the person appointed by the Council from time to time as, or acting in the capacity of superintendent of the abattoir;

"animal" means and includes any bull, ox, bullock, cow, heifer, steer, calf, sheep, lamb, goat, pig, horse, mule, donkey or other quadruped commonly used for human consumption;

"butcher's meat" means the edible portions of all slaughtered animals intended for human consumption, but does not include canned meats or potted meats or biltong;

"carcase" means and includes the whole or any part of a carcase;

"Council" means the Town Council of Vereeniging;

"Medical officer of health" means the medical officer appointed by the Council or any person lawfully acting in his stead;

"Nuisance" includes—

(*a*) any premises or part thereof, within the abattoirs, in such a state as to be offensive, injurious or dangerous to health;

(*b*) enige afvoerpyp, wasbak, watertenk, waterkloset, grondkloset, kleinhuisie, urinoir, sloot, riool, vuilwaterbak, vuilwatertenk, asbak, asput of mishoop binne die abattoir, wat in so 'n toestand verkeer dat dit hinderlik, nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is;

(*c*) enige opeenhoping of storting van vuilgoed, afval, mis, of ander stof binne die abattoir, wat hinderlik, nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is;

(*d*) enige ander toestand, van watter aard ook al, binne die abattoir, wat hinderlik, nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is: Met dien verstande dat die algemeenheid van hierdie bepaling nie deur die besondere sake in paragrawe (*a*), (*b*) en (*c*) hierbo genoem, beperk is nie;

„pluimvee" mak hoenders, eende, ganse, kalkoene, duiwe en tarentale;

„veearts" 'n behoorlik gekwalifiseerde veearts wat as sodanig geregistreer is.

Tariewe.

2. Die Raad is geregtig om vir die gebruik van die abattoir betaling te vra volgens die tariewe soos uiteengesit in die Aanhangsel hierby.

Betalings.

3. (1) Alle koste vir die gebruik van die abattoir moet betaal word voor die slagting van diere plaasvind, behalwe in die gevalle waar die Raad geriewe verskaf vir die weeklikse of maandelikse betaling van rekenings.

(2) Niemand, aan wie geen geriewe vir weeklikse of maandelikse betaling van rekenings deur die Raad toegestaan is nie, mag enige karkas of slagtersvleis van die abattoir verwyder, of veroorsaak, of toelaat dat dit verwyder word tensy en voordat alle slagplaasgelde eers betaal is nie.

Rekenings.

4. Die Raad kan grootboekrekenings open; met dien verstande dat sulke grootboekrekenings deur bankwaarborge of kontant-deposito's gedek is, in bedrae wat deur die Raad vasgestel is.

Verkoop van lewende diere verbode.

5. Niemand mag 'n lewende dier binne die abattoir verkoop of te koop uitstal nie.

Toegang van persone tot die abattoir.

6. Niemand, behalwe werknemers van die Raad, of persone wat wettiglik gemoeid is in sake wat daarmee in verband staan, en deur die abattoirsuperintendent behoorlik daartoe gemagtig is, mag die abattoir binnegaan nie.

Persone wat toegelaat word om te slag.

7. Niemand, behalwe die persone wat uitdruklik by die Raad werksaam en deur die Raad gelisensieer is vir daardie doel, mag enige dier in die abattoir slag nie

Permitte vir werknemers.

8. (1) Niemand, uitgesonderd *bona fide*-werknemers van die Raad, mag vir enige doel binne die abattoir in diens wees nie, sonder om in besit te wees van 'n permit van die abattoirsuperintendent waarop die name en adresse van die werkgewer en werknemer en die aard van die werk deur laasgenoemde verrig, opgegee moet word.

(2) Die Raad is nie aanspreeklik vir enige besering of ongeluk hoe ook al veroorsaak, aan enige persoon wat nie 'n *bona fide*-werknemer van die Raad is nie.

(3) Die abattoirsuperintendent is bevoeg, onderworpe aan beroep op die Raad binne sewe dae, om te enige tyd 'n aldus toegestane permit, te kanselleer.

Diere in krale.

9. Niemand mag, sonder magtiging van die abattoirsuperintendent, hom met die diere in die krale of hokke op enige manier bemoei nie.

Honde en katte verbode.

10. Niemand mag 'n hond of 'n kat in die abattoir inbring nie.

(*b*) any gutter, sink, cistern, water closet, earth closet, privy, urinal, drain, sewer, waste water receptacle, slop tank, ashbin, ash pit or manure heap within the abattoir, in such a state as to be offensive, injurious or dangerous to health;

(*c*) any accumulation or deposit of refuse, offal, manure or other matter within the abattoir, which is offensive, injurious or dangerous to health;

(*d*) any other condition whatever within the abattoir, which is offensive, injurious or dangerous to health, the generality of this provision not being limited by the particular matters referred to in paragraphs (*a*), (*b*) and (*c*) above;

"poultry" means domestic fowls, ducks, geese, turkeys, pigeons and guinea-fowls;

"veterinary surgeon" means a properly qualified veterinary surgeon registered as such.

Charges.

2. The Council shall be entitled to make charges for the use of the abattoir as specified in the Annexure hereto.

Payments.

3. (1) All abattoir charges shall be payable before slaughter of animals except in cases where facilities have been granted by the Council for weekly or monthly payment of accounts.

(2) No person to whom facilities for weekly or monthly payment of accounts have not been granted by the Council shall remove, or cause, permit or suffer to be removed from the abattoir, any carcase or butcher's meat unless and until all abattoir charges have been paid.

Accounts.

4. The Council may open ledger accounts: Provided that such ledger accounts are covered by bank guarantees or cash deposits, in amounts determined by the Council.

Sale of Live Animals Prohibited.

5. No person shall sell or expose for sale any live animal within the abattoir.

Entry to Abattoir.

6. No persons, other than employees of the Council, persons duly authorised thereto by the abattoir superintendent or persons lawfully engaged upon business connected therewith, shall enter the abattoir.

Persons who may Slaughter.

7. No persons other than those specifically employed and licensed by the Council for such purpose shall slaughter any animal anywhere in the abattoir.

Permits for Employees.

8. (1) No persons, except bona fide employees of the Council shall be employed or engaged in the abattoir for any purpose whatsoever without being in possession of a permit from the abattoir superintendent on which shall be stated the names and addresses of the employer and employee and the nature of the duties performed by the latter.

(2) The Council shall not be liable for any injury or accident from any cause whatsoever to any person who is not a bona fide employee of the Council.

(3) The abattoir superintendent shall have power, subject to appeal to the Council within seven days, to cancel, at any time, any permit so granted.

Animals in Lairages.

9. No person shall, without the authority of the abattoir superintendent, interfere with the animals in the lairages or pens in any manner whatsoever.

Dogs and Cats Prohibited.

10. No person shall bring into the abattoir, any dog or cat.

Sterk drank verbode.

11. Niemand mag moutdrank of enige soort sterk drank binne die abattoir bring nie.

Dronk persone mag nie die abattoir binnegaan nie.

12. Niemand wat onder die invloed van drank verkeer mag die abattoir binnekom of binne enige deel daarvan vertoef nie.

Vermorsing van water.

13. Niemand in die abattoir mag moedswillig of weens agterlosigheid water mors nie.

Verwydering van uitrusting en bloed.

14. Iedereen wat binne die abattoir werksaam is, moet, alvorens hy die plek verlaat, sy uitrusting en beskermingsklere verwyder en ook alle spore van bloed van sy persoon verwyder.

Sindelikheid van werknemers.

15. (1) Iedereen wat by die abattoir in diens is, moet skoon wees op sy persoon, sy drag en in sy werk, en moet beskermingsklere of 'n oorpak dra wat die persoon aldus in diens van sy nek af tot op sy enkels bedek.

(2) Iedereen wat by die abattoir in diens is, moet geskikte skoene dra, wat deur die abattoirsuperintendent goedgekeur is.

Vuil persone mag nie vleis hanteer nie.

16. Niemand in 'n vuil of aanstootlike toestand, hetsy wat sy persoon of klere betref, mag karkasse bewerk of vleis hanteer wat vir menslike verbruik bedoel is nie.

Persone wat aan aansteeklike siektes ly.

17. Niemand wat aan die een of ander aansteeklike of besmetlike siekte of kwaal ly, of van wie daar rede is om te vermoed dat hy daaraan ly, mag binne die abattoir kom of daarin vertoef nie of karkasse of vleis wat vir menslike verbruik bedoel is, hanteer of by die bewerking daarvan behulpsaam wees nie.

Oorlas.

18. Niemand mag binne die abattoir spoeg of weens sy opsetlike optrede, nalatigheid of toelating 'n oorlas veroorsaak of toelaat dat 'n oorlas in die abattoir veroorsaak word nie.

Snelheid van voertuie in abattoir.

19. Niemand mag 'n voertuig vinniger as vyf myl per uur binne die grense van die abattoir bestuur nie.

Versigtig ry.

20. Niemand wat die drywer of bestuurder van enige dier of voertuig is of persoon wat met die toesig daaroor belas is, mag roekeloos of sonder behoorlike sorg en aandag binne die abattoir ry nie.

Parkeer van voertuie.

21. Niemand mag enige voertuie op enige plek binne die abattoir laat staan of parkeer nie, behalwe op die plek wat deur die abattoir superintendent aangewys is.

Voorskrifte deur abattoirsuperintendent.

22. Iedereen binne die abattoir moet die wettige voorskrifte van die abattoirsuperintendent gehoorsaam.

Binnekoms van diere.

23. Niemand wat die veewagter is van, of die persoon belas met die toesig oor diere wat vir slag binne die abattoir bedoel is, mag sulke diere die abattoir laat binnegaan nie behalwe by die hek of hekke wat vir die doel bestem is.

Verlies of beskadiging van uitrusting.

24. (1) Alle toebehore, uitrusting of gereedskap wat deur die Raad verskaf is, moet met 'n behoorlike en redelike mate van sorg en slegs vir die werk waarvoor dit bedoel is gebruik word, en geen uitrusting, stuk gereedskap of apparaat wat deur die Raad verskaf is, mag deur enigeen wat nie daartoe gemagtig is, uit die abattoir verwyder word nie. Sonder benadeling van enige ander middele wat kragtens hierdie verordeninge of andersins aan die Raad verleen word met betrekking tot beskadiging van eiendom, moet iedereen wat skuldig bevind word aan 'n oortreding kragtens hierdie paragraaf, die Raad onmiddellik vergoed vir die verlies wat deur die Raad gely is as gevolg van sodanige oortreding.

Intoxicating Liquor Prohibited.

11. No person shall bring into the abattoir any malt liquor or intoxicating liquor of any kind.

Intoxicated Persons not to Enter Abattoir.

12. No person under the influence of liquor shall enter the abattoir or remain in any part of the abattoir.

Wasting of Water.

13. No person in the abattoir shall wilfully or carelessly waste any water.

Removal of Kit and Blood.

14. Every person working in the abattoir shall before leaving remove his kit and protective clothing and shall also remove all traces of blood from his person.

Cleanliness of Employees.

15. (1) Every person employed in the abattoir shall observe cleanliness in his person and attire and in his operations, and shall wear protective clothing or overalls which envelop the person so employed from neck to ankle.

(2) Every person employed in the abattoir shall wear suitable footwear approved by the abattoir superintendent.

Dirty Persons not to Handle Meat.

16. No person in a dirty or offensive condition, either as to person or clothing, shall dress carcases or handle meat intended for human consumption.

Persons Infected with Infectious Diseases.

17. No person infected or reasonably suspected of being infected with an infectious or contagious disease shall enter the abattoir or remain therein, or handle or assist in the preparation of carcases or meat intended for human consumption.

Nuisance.

18. No person shall spit or by his wilful act, default or sufferance cause or permit a nuisance to exist within the abattoir.

Speed of Vehicles in Abattoir.

19. No person shall drive any vehicle within the abattoir grounds at a speed greater than 5 miles per hour.

Careful Driving.

20. No person being the driver or person in charge of any animal or vehicle shall drive carelessly or without due care and attention within the abattoir.

Parking of Vehicles.

21. No person shall stand or park any vehicles in any place within the abattoir other than that allotted by the abattoir superintendent.

Instructions of Abattoir Superintendent.

22. Every person within the abattoir shall obey the lawful instructions of the abattoir superintendent.

Entry of Animals.

23. No person being the herdsman or person in charge of any animals intended for slaughter within the abattoir shall allow such animals to enter the abattoir except at the gate or gates set aside for that purpose.

Loss of or Damage to Equipment.

24. (1) All fittings, equipment or implements supplied by the Council shall be used with proper and reasonable care and only for the purpose for which they are intended, and no equipment, implement or gear provided by the Council shall be taken out of the abattoir by any person not authorised thereto. Without prejudice to any other remedies given to the Council under these by-laws or otherwise with regard to damage to property, any person convicted of a contravention under this paragraph shall forthwith make good to the Council the loss sustained by the Council as a result of such contravention.

(2) Behalwe waar die Raad dit verskaf, moet elke slagter, afslagter of ander persoon wat diere slag of vleis hanteer, sy eie elektriese prikke, pistole, pynlose slagpenne, messe, sae of enige ander gereedskap en apparate verskaf wat die abattoirsuperintendent nodig ag vir die pynlose doodmaak van diere en die higiëniese hantering en bewerking van karkasse.

(3) Die Raad is nie vir die verlies of beskadiging van enige sodanige private gereedskap of apparate aanspreeklik nie.

Kleed- en badkamers.

25. Niemand, uitgesonderd die *bona fide* werknemers van die Raad, permithouers, baasslagters en persone wat behoorlik kragtens Wet No. 26 van 1934 of kragtens hierdie verordeninge gelisensieer is, mag enige kleedkamer of waskamergeriewe binne die abattoir gebruik nie.

Nie-aanspreeklikheid vir verlies of letsel aan diere en karkasse.

26. Die Raad is onder geen omstandighede hoegenaamd aanspreeklik vir die beskakiging van of letsels aan enige dier terwyl dit binne die abattoir is nie, en ewemin vir die beskadiging of verlies van enige gedeelte van 'n karkas of karkasse of enige artikel of ding op watter wyse ook al, terwyl dit binne die abattoir is: Met dien verstande dat die Raad eise vir die verlies van 'n hele karkas of dier sal oorweeg.

Verlore eiendom.

27. Enigeen wat enige verlore eiendom binne die abattoir vind, moet dit onmiddellik aan die abattoirsuperintendent oorhandig, wat daarvan register moet hou.

Bevestiging van voorwerpe aan abattoirgeboue.

28. Niemand mag enige voorwerp, toestel of werktuig aan die mure, plafonne, balke, vloere, pilare of enige deel van die geboue van die abattoir bevestig nie, en ewemin mag hy inbreuk maak op die vloerruimte binne enige gebou deur een of ander voorwerp, toestel of werktuig daarop te plaas of aan te bring, sonder die goedkeuring van die abattoirsuperintendent.

Rook.

29. Niemand mag tabak of enige dergelike stof in die abattoir rook nie, behalwe in vertrekke wat vir daardie doel verskaf is.

Vuil taal.

30. Niemand mag binne die abattoir, fel, lasterlike of vuil taal gebruik of hom andersins sleg gedra nie.

Dobbel.

31. Niemand mag binne die abattoir dobbel nie.

Persone op eiendom.

32. Niemand mag na die voorgeskrewe ure, of nadat hy deur die abattoirsuperintendent versoek is om die plek te verlaat, binne die abattoir bly nie.

Hinder van beamptes.

33. Niemand mag die abattoirsuperintendent of enigeen van sy personeel in die uitvoering van hulle amptelike pligte lastig val of hinder, of enige steuring binne die abattoir veroorsaak nie. Iedereen wat hierdie artikel oortree, kan uit die abattoir verwyder word, en is boonop strafbaar met die strawwe wat kragtens hierdie Verordeninge voorgeskryf is.

Uitkenning van diere.

34. Alle diere wat die abattoir binnekom, moet op so 'n wyse gemerk wees dat hulle maklik en gou uitgeken kan word. Alle kentekens moet deur die abattoirsuperintendent goedgekeur en in sy kantoor geregistreer word.

Eienaars moet besonderhede van diere verstrek by binnekoms.

35. Iedereen wat diere binne die abattoir bring, moet by binnekoms, aan die abattoirsuperintendent 'n skriftelike opgawe gee van die aantal en beskrywing van sodanige diere, die geregistreerde merk en die naam van die eienaar daarvan, en moet later, indien die abattoirsuperintendent daarom versoek, sodanige nadere inlig- [illegible] verstrek.

(2) Except where the Council so provides, every butcher, slaughterman or other person slaughtering animals or handling meat shall provide his own electric prodders, pistols, humane killers, knives, saws or any other implements and apparel which the abattoir superintendent may deem necessary for the humane killing of animals and hygienic handling and dressing of carcases.

(3) The Council shall not be liable for any loss of or damage to any such privately owned implement or apparel.

Dressing and Bathrooms.

25. No persons, other than bona fide employees of the Council, permit holders, master butchers and persons who have been duly licensed in terms of Act No. 26 of 1934, or under these by-laws shall use any dressing-room or ablution facilities within the abattoir.

Non-liability for Loss or Injury to Animals or Carcases.

26. The Council shall not be liable under any circumstances whatsoever, for any damage or injury to any animal whilst within the abattoir, nor for any damage to or loss of any portion of a carcase or carcases or any article or thing in any manner whatsoever whilst within the abattoir: Provided that the Council will consider claims for the loss of a complete carcase or animal.

Lost Property.

27. Any person finding any lost property within the abattoir shall immediately hand over the same to the abattoir superintendent who shall keep a record thereof.

Fixing of Articles on Abattoir Buildings.

28. No person shall fix any article, appliance or gear to walls, ceilings, girders, floors, pillars, or any part of the abattoir buildings, nor encroach on the floor space inside any buildings by placing or fixing any article, appliance or gear thereon without the sanction of the abattoir superintendent.

Smoking.

29. No person shall smoke tobacco or any like substance in any part of the abattoir except in rooms set apart for that purpose.

Obscence Language.

30. No person shall use violent, abusive or obscene language or otherwise misconduct himself within the abattoir.

Gambling.

31. No person shall gamble within the abattoir.

Persons Off Premises.

32. No person shall remain in the abattoir after the prescribed hours or after being requested to leave by the abattoir superintendent.

Obstruction of Officers.

33. No person shall interfere with or obstruct the abattoir superintendent or any of his staff in the performance of their official duties, or cause any disturbance in the abattoir. Any person committing a breach of this section may be removed from the abattoir, and shall in addition, be liable to the penalties prescribed under these by-laws.

Identification of Animals.

34. All animals entering the abattoir shall be marked in such a manner that they can be easily and quickly identified. All identification marks shall require the approval of the abattoir superintendent and be registered in his office.

Owners to give Particulars on Entry.

35. Every person taking any animals into the abattoir shall, on entering, give the abattoir superintendent written account of the number and description of such animals, the registered mark, and the name of the owner thereof, and shall afterwards, if requested by the abattoir superintendent, furnish such further information as he may require.

Hokke.

36. Alle diere wat die abattoir binnekom, moet deur die eienaar of die persoon wat vir hulle verantwoordelik is, volgens opdrag van die abattoirsuperintendent, in hokke gejaag word.

Diere nie losgemaak of uit die hokke gejaag te word nie.

37. Geen diere mag losgemaak of uit die hokke gejaag word nie behalwe vir die doel om na verdowingshokke of afslagsale verwyder te word.

Bulle en gevaarlike diere.

38. Iedere bul en elke gevaarlike dier moet aan 'n tou of ketting wat sterk genoeg is deur die eienaar of die persoon onder wie se sorg dit is, na en in die abattoir gelei word en sodanige tou of ketting moet gebruik word vir die vasmaak van sodanige gevaarlike dier of bul.

Siek diere.

39. Iedereen wat 'n siek dier of 'n dier wat vermoedelik aan siekte ly, binne die abattoir ingebring het, moet die abattoirsuperintendent dadelik daarvan in kennis stel en moet sodange dier na 'n hok wat vir siek diere afgesonder is neem, of enige ander opdrag wat deur die abattoirsuperintendent gegee word ten opsigte van wat met sodanige dier gedoen moet word, uitvoer.

Ure.

40. (1) Die abattoir is oop vir die toelating en slag van diere en die herinspeksie van vleis en vir die verwydering van vleis gedurende sodanige tye as wat van tyd tot tyd deur die Raad vasgestel word.

(2) Niemand mag in die abattoir enige dier inbring, of slag, of enige vleis inbring, of enige vleis van die abattoir verwyder nie, behalwe gedurende die ure deur die Raad vasgestel.

(3) Diere kan, na goeddunke van die abattoirsuperintendent by die abattoir ontvang word na die goedgekeurde ure op enige dag; met dien verstande dat aan die abattoirsuperintendent redelike kennis gegee is van die voorneme om na die normale abattoirure diere in die krale te plaas.

(4) Die abattoirsuperintendent besit die mag om ure, tye, dae en tydperke wat in hierdie Verordeninge vasgestel is, te verander, indien die omstandighede sodanige veranderinge verlang en vereis: Met dien verstande, dat sodanige mag alleenlik van toepassing is vir beperkte tydperke; en voorts met dien verstande, dat ten minste sewe dae kennis gegee word van enige sodanige verandering.

Sondae en openbare vakansiedae.

41. Onderworpe aan die bepalings van artikel 44, word die abattoir op Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae en op enige ander dae, na goeddunke van die Raad, gesluit.

Godsdienspleglighede.

42. In gevalle waar godsdienspleglighede nagekom moet word, of onder enige ander spesiale omstandighede kan die abattoirsuperintendent na goeddunke die slagure in artikel 40 genoem, verleng.

Voer van diere.

43. Niemand wat die eienaar is van, of die persoon wat vir die oomblik belas is met die sorg vir 'n dier wat binne die abattoir gebring word, mag so 'n dier langer as 24 uur binne die abattoir laat bly sonder om dit van voldoende voer te voorsien nie. Ingeval die bepalings van hierdie artikel nie nagekom word nie, kan die abattoirsuperintendent voer verskaf as hy dit nodig ag en die koste daarvan verhaal op sodanige persoon wat boonop strafbaar is met die boete wat later hierin voorgeskryf word.

Voer op Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae.

44. Die abattoir is vanaf 9.30 vm. tot 10.30 vm. op Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae oop, ten einde die diere van 'n genoegsame voorraad voer te voorsien.

Slag van onopgeëiste diere.

45. Alle diere wat onopgeëis is, moet geskut word: Met dien verstande dat onopgeëiste siek diere in die kwarantynkrale deur die abattoirsuperintendent geslag kan word indien hy skriftelik daartoe gemagtig is deur die

Pens.

36. All animals entering the abattoir shall be penned by the owner or person in charge of such animals as directed by the abattoir superintendent.

Animals not to be Untied or Unpenned.

37. No animals shall be untied or unpenned unless for the purpose of being removed to the stunning pens or slaughter halls.

Bulls and Dangerous Animals.

38. Every bull and every dangerous animal shall be led by the owner or person in charge thereof to and in the abattoir by rope or chain of sufficient strength and such rope or chain shall be used for haltering such dangerous animal or bull.

Diseased Animals.

39. Every person who has brought into the abattoir any animal which is, or is suspected of being diseased, shall immediately inform the abattoir superintendent and shall take such animal to a pen set aside for the reception of diseased animals or shall carry out any other instructions regarding the disposal of such animal as the abattoir superintendent may issue.

Hours of Attendance.

40. (1) The abattoir shall be open for the admission and slaughtering of animals, the re-inspection of meat and the removal of meat at such times as may be fixed by the Council from time to time.

(2) No person shall bring into the abattoir or slaughter any animal or bring in any meat or remove any meat at any times other than those as have been fixed by the Council.

(3) Animals may, in the discretion of the abattoir superintendent be received at the abattoir after the approved hours of attendance on any day: Provided that reasonable notice of intention to place animals in the lairages after normal abattoir hours is given to the abattoir superintendent.

(4) The abattoir superintendent shall have the power to alter the hours, times, days and periods fixed in these by-laws if circumstances render such alteration necessary and desirable: Provided that such power shall only be exercisable for limited periods, and provided further that at least seven days notice of any such alteration shall be given.

Sundays and Public Holidays.

41. Subject to the provisions of section 44, the abattoir shall be closed on Saturdays, Sundays and public holidays, and on any other days in the discretion of the Council.

Religious Rites.

42. In cases where religious rites require to be observed, or in any other special circumstances, the abattoir superintendent may, in his discretion, extend the hours for slaughtering referred to in section 40.

Feeding of Animals.

43. No person being the owner or a person for the time being in charge of any animal brought into the abattoir shall suffer such animal to remain within the abattoir for more than twenty-four hours without supplying such animal with sufficient food and, in the event of failure to observe the provisions of this section, the abattoir superintendent may supply food when he considers this necessary, and recover the cost thereof from such person who shall, in addition, be liable to the penalties hereinafter provided.

Feeding on Saturdays, Sundays and Public Holidays.

44. The abattoir shall be open from 9.30 a.m. till 10.30 a.m. on Saturdays, Sundays and public holidays for the purpose of supplying the animals with a sufficient quantity of food.

Slaughtering of Unclaimed Animals.

45. All animals which are unclaimed shall be impounded: Provided that unclaimed diseased animals in the quarantine pens may be slaughtered by the abattoir superintendent if authorised in writing so to do by the

Staatsveearts of 'n veearts, of, indien 'n veearts nie beskikbaar is nie, die stadsgeneesheer of, indien 'n veearts nie beskikbaar is nie en daar nie 'n stadsgeneesheer is nie, 'n geregistreerde geneesheer; die vleis van sodanige geslagte diere mag deur die abattoirsuperintendent volgens goeddunke van die hand gesit word, en die opbrengs daarvan, as daar 'n opbrengs is, moet na aftrekking van redelike koste van die Raad, aan die eienaar betaal word.

Mishandeling van diere.

46. Die abattoirsuperintendent kan sodanige summiere maatreëls neem as wat onder die omstandighede redelik is, ter voorkoming van enige onnodige lyding of mishandeling van diere.

Beseerde diere.

47. Alle diere wat volgens bevinding swak is of aan besering ly, en alle jong kalwers, moet, sodra redelik moontlik na aankoms by die abattoir, geslag word. Kalwers wat in die abattoir gebore is mag nie binne 21 (een-en-twintig) dae van die datum van geboorte af geslag word nie.

Diere wat vrek voordat hulle geslag word.

48. Die karkas van 'n dier wat binne die abattoir op 'n ander wyse as deur slag vrek, moet deur die abattoirsuperintendent van die hand gesit word en die opbrengs daarvan, as daar 'n opbrengs is, na aftrekking van die Raad se redelike koste, moet aan die eienaar oorhandig word.

Siek diere.

49. Ingeval daar ontdek word dat een of ander dier in die abattoir aan die een of ander siekte ly, kan die abattoir superintendent, indien hy skriftelik daartoe gemagtig is deur die Staatsveearts, of 'n veearts, of, indien 'n veearts nie beskikbaar is nie, die staatsgeneesheer of, indien 'n veearts nie beskikbaar is nie en daar nie 'n stadsgeneesheer is nie, 'n geregistreerde geneesheer, deur kennisgewing aan die eienaar van, of die persoon belas met die sorg vir sodanige dier, dit laat slag of opdrag gee dat dit binne sodanige korter tydperk as 24 uur as wat hy in die omstandighede dit raadsaam ag, geslag word, en iedereen wat sodanige opdrag verontagsaam, is strafbaar met 'n boete van hoogstens £5 (vyf pond) vir elke dier wat nie binne die eerste ses uur na die uitreiking van sodanige kennisgewing aldus geslag word nie, en met 'n dergelike boete vir elke daaropvolgende vier uur of 'n gedeelte daarvan wat sodanige dier ongeslag bly.

Veeziekten Wet.

50. Ingeval die abattoir kragtens die Veeziekten Wet van 1911, of wysigings daarvan of die regulasies ingevolge daarvan opgestel, 'n besmette plek verklaar word, kan die abattoirsuperintendent, indien hy skriftelik daartoe gemagtig is deur die Staatsveearts, of 'n veearts, of indien 'n veearts nie beskikbaar is nie, die stadsgeneesheer of, indien 'n veearts nie beskikbaar is nie en daar nie 'n stadsgeneesheer is nie, 'n geregistreerde geneesheer, deur kennisgewing aan die eienaars van, of die persoon belas met die sorg vir alle diere binne die abattoir, opdrag gee dat sodanige diere binne sodanige korter tydperk as 24 uur geslag moet word as wat hy in die omstandighede raadsaam ag, en iedereen wat so 'n bevel veronagsaam, is strafbaar met 'n boete van hoogstens £5 (vyf pond) vir elke dier wat nie binne die eerste ses uur na die uitreiking van sodanige kennisgewing aldus geslag word nie, en met 'n dergelike boete vir elke daaropvolgende vier uur of 'n gedeelte daarvan wat sodanige dier ongeslag bly.

Besondere slagplek vir siek diere.

51. Die abattoirsuperintendent kan enige dier, ten opsigte waarvan hy rede het om te vermoed dat dit aan siekte ly, na die plek neem wat vir die slag van siek diere afgesonder is, of enigeen gelas om dit te doen, en indien bevind word dat die dier siek is moet dit ooreenkomstig die bepalings van artikel 55 geslag word.

Government veterinary surgeon, or veterinary surgeon, or if a veterinary surgeon is not available, the medical officer of health, or if a veterinary surgeon is not available and there is no medical officer of health, a registered medical practitioner; the meat of such slaughtered animals, may be disposed of by direction of the abattoir superintendent and the proceeds, if any, of such disposal shall, after deduction of reasonable charges of the Council, be paid to the owner.

Cruelty to Animals.

46. The abattoir superintendent may take such summary measures as are reasonable in the circumstances, to prevent any unnecessary suffering or any cruelty to animals.

Injured Animals.

47. All animals found to be suffering from weakness or injury and all young calves shall be slaughtered as soon after arrival as is reasonably possible. Calves born in the abattoir shall not be slaughtered within 21 (twenty-one) days from date of birth.

Animals Dying before Slaughter.

48. The carcase of any animal dying within the abattoir otherwise than by slaughter shall be disposed of by the abattoir superintendent, the proceeds, if any, of such disposal, after deduction of the Council's reasonable charges, to be handed over to the owner.

Diseased Animals.

49. In the event of disease being discovered in any animal in the abattoir, the abattoir superintendent, if authorised in writing so to do by the Government veterinary surgeon, or a veterinary surgeon, or if a veterinary surgeon is not available, the medical officer of health, or if a veterinary surgeon is not available and there is no medical officer of health, a registered medical practitioner may by notice to the owner or party in charge of such animal order or cause the animal to be slaughtered within such lesser period than 24 hours as he may in the circumstances consider expedient and any person disregarding such order shall be liable to a penalty not exceeding £5 (five pounds) for each animal not so slaughtered within the first period of six hours after the time of such notice being given, and to a like penalty for each succeeding four hours or part thereof during which such animal remains unslaughtered.

Disease of Stock Act.

50. In the event of the abattoir being declared an infectious place under the Disease of Stock Act of 1911, or any amendment thereof, or the regulations made thereunder, the abattoir superintendent, if authorised in writing so to do by the Government veterinary surgeon, or a veterinary surgeon, or if a veterinary surgeon is not available, the medical officer of health, or, if a veterinary surgeon is not available and there is no medical officer of Health, a registered medical practitioner may by notice to the owners or persons in charge of all animals within the abattoir order such animals to be slaughtered within such lesser period than 24 hours as he may under the circumstances consider expedient, and any person disregarding such order shall be liable to a penalty not exceeding £5 (five pounds) for each animal not so slaughtered within the first period of six hours after the time of such notice being given and to a likely penalty for each succeeding four hours or part thereof during which such animal shall remain unslaughtered.

Slaughtering Diseased Animals in Special Place.

51. The abattoir superintendent may take, or order any person to take, to the place set aside for the slaughtering of diseased animals, any animal he may reasonably suspect to be diseased, and if found to be diseased, the animal shall be slaughtered there in accordance with the provisions of section 55.

Aanmelding van besmette karkasse.

52. Iedereen wat binne die abattoir 'n dier slag, wat, nadat dit geslag is, volgens bevinding of verdenking besmet blyk te wees, moet dit dadelik aan die abattoir-superintendent of sy gemagtigde assistente rapporteer, en indien daartoe aangesê, dit onmiddellik verwyder na die plek wat vir besmette karkasse afgesonder is, waar dit gehou moet word totdat die ondersoek daarvan afgehandel is.

Karkasse in toestand van ontbinding.

53. Daar moet op alle karkasse of gedeeltes van karkasse wat in die abattoir in 'n toestand van ontbinding verkeer, beslag gelê word en dit moet van die hand gesit word soos deur die abattoirsuperintendent beveel word.

Wegdoening van besmette en bedorwe vleis.

54. Indien by ondersoek deur die abattoirsuperintendent of sy gemagtigde assistente dit blyk dat 'n karkas of 'n gedeelte daarvan besmet of bedorwe is, of dat dit vir menslike verbruik ongeskik is, kan hy dit daar hou, en kan hy, met die eienaar se skriftelike toestemming daartoe, of as sodanige toestemming geweier of teruggehou word, dan kan die abattoirsuperintendent, indien hy skriftelik daartoe gemagtig is deur die Staatsveearts, of 'n veearts of, indien 'n veearts nie beskikbaar is nie, die stadsgeneesheer, of indien 'n veearts nie beskikbaar is nie en daar nie 'n Stadsgeneesheer is nie, 'n geregistreerde geneesheer, deur kennisgewing aan die eienaar van, of die persoon belas met die sorg van sodanige dier, die karkas of gedeelte daarvan vernietig, behandel of daaroor beskik sodat dit nie die openbare gesondheid in gevaar stel nie.

Alle diere wat die abattoir binnekom moet geslag word.

55. Niemand mag sonder die voorafverkree toestemming van die abattoirsuperintendent 'n dier wat binne die abattoir gebring is vir die doel om geslag te word, dit daar lewendig uitneem of laat uitneem nie.

Opgaaf van geslagte diere.

56. Iedere eienaar van diere of sy agent wat die abattoir gebruik, moet aan die abattoirsuperintendent, by die kantoor van die abattoir, 'n daaglikse opgaaf oorhandig met volledige besonderhede van die aantal diere wat geslag is.

Diere binne 24 uur geslag te word.

57. Iedereen wat 'n dier binne die abattoir bring of laat bring, moet, uitgesonderd teen betaling van ekstra gelde soos in Aanhangsel A uiteengesit, sodanige dier binne 24 uur na hy ingebring is, laat slag. Waar diere op Saterdae na die gewone ure en op openbare vakansiedae aankom, moet hulle binne 'n tydperk van 48 uur na aankoms, geslag word.

Metode van slag.

58. Alle diere moet op die wyse soos voorgeskryf in artikels *een, twee* en *drie* van die Veeslagwet, No. 26 van 1934, geslag word.

Plek vir slag en bewerking van diere.

59. Niemand mag 'n dier in enige ander deel van die abattoir as die wat spesiaal vir die doel afgesonder is, slag of bewerk nie.

Reëling van tyd en volgorde in geval van gedrang.

60. Ten einde, gedrang, vertraging, ongerief of verlies te voorkom, moet die abattoirsuperintendent die maksimum aantal diere vasstel wat op enige oomblik op die slagvloere toegelaat mag word, en die tyd en volgorde reël wanneer en waarin diere doodgemaak moet word, en ook die tyd en volgorde vir die verwydering van karkasse, afval, huide, velle en kloutjies, om die persone aan wie die diere behoort sodoende so min moontlik vertraging, ongerief of verlies te berokken.

Bemoeiing met karkasse voor inspeksie.

61. Niemand mag 'n besmette stuk of gedeelte daarvan wat vermoedelik besmet is van 'n karkas of 'n gedeelte van 'n karkas uitsny of verwyder nie, voordat dit deur die superintendent of sy gemagtigde assistent geïnspekteer is.

Reporting of Diseased Carcases.

52. Every person slaughtering in the abattoir any animal which, after slaughtering, is found or suspected to be diseased shall at once report this to the abattoir superintendent or his authorised assistants and if so ordered, shall immediately remove same to the place set apart for diseased carcases, where it shall be retained until examination thereof has been completed.

Decomposing Carcases.

53. All carcases or portions of carcases undergoing decomposition in the abattoir shall be seized and disposed of as directed by the abattoir superintendent.

Disposal of Diseased or Unsound Meat.

54. If it appears on examination by the abattoir superintendent or his authorised assistants, that any carcase or part thereof is diseased or unsound or unfit for the food of man, he may detain the same and may, with the owner's written consent thereto, or should such consent be refused or withheld, then the abattoir superintendent may, if authorised in writing so to do by the Government veterinary surgeon, or a veterinary surgeon, or if a veterinary surgeon is not available, the medical officer of health, or if a veterinary surgeon is not available and there is no medical officer of health, a registered medical practitioner by notice to the owner or party in charge of such animal, destroy or treat or dispose of such carcase or part thereof so as not to endanger public health.

All Animals Entering Abattoir to be Slaughtered.

55. No person shall cause or suffer any animal which may have been brought into the abattoir for the purpose of being slaughtered to be taken out alive without the prior permission of the abattoir superintendent.

Return of Animals Slaughtered.

56. Every owner of any animal, or his agent, making use of the abattoir, shall hand to the abattoir superintendent at the abattoir office a daily return, showing in detail the number of animals slaughtered.

Animals to be Slaughtered within 24 Hours.

57. Every person bringing or causing to be brought any animal into the abattoir shall, except on payment of extra charges as set forth in Annexure A, cause such animal to be slaughtered within a period of 24 hours from the time of admission. In the case of animals arriving on Saturdays after normal hours and on public holidays, such animals shall be slaughtered within a period of 48 hours after arrival.

Method of Slaughter.

58. All animals shall be slaughtered in the manner prescribed in sections *one, two* and *three* of the Slaughter of Animals Act, No. 26 of 1934.

Place of Slaughter and Dressing.

59. No person shall slaughter or dress any animal in any part of the abattoir other than that specially set apart for that purpose.

Regulating Time and Order in case of Overcrowding.

60. In order to prevent overcrowding, delay, inconvenience or loss, the abattoir superintendent shall fix the maximum number of animals allowed on the slaughter floors at any one time and regulate the time and order in which killing shall proceed and the time and order of the removal of carcases, offal, hides, skins and feet, so as to cause the least possible delay, inconvenience or loss to the persons to whom the animals belong.

Tampering with Carcases Before Inspection.

61. No person shall cut away or remove from any carcase or portion of a carcase any diseased part or portion thereof suspected of being diseased, before being inspected by the superintendent or his authorised assistants.

Inspeksie van karkasse.

62. Die abattoirsuperintendent en enige gemagtigde beampte kan 'n karkas of 'n gedeelte daarvan ondersoek, hanteer en stukkend sny, met die doel om vas te stel of dit besmet of bedorwe of ongeskik vir menslike verbruik is, en niemand anders mag, voor die ondersoek en stempel, soos bepaal kragtens artikel 65, 'n karkas of 'n gedeelte daarvan stukkend sny of verwyder nie.

Verwydering van karkasse.

63. Geen karkas of gedeelte van 'n karkas, behalwe sodanige gedeelte van 'n besmette dier of dier wat vermoedelik besmet is as wat 'n Staatsveearts of 'n veearts, of 'n stadsgeneesheer of 'n geneesheer, vir ondersoek nodig het, mag uit die abattoir verwyder word nie, tensy dit die amptelike stempel of brandmerk van die Raad dra, en alle verskuldigde bedrae en koste ten opsigte daarvan betaal is, of reëlings vir die betaling daarvan, soos bepaal by artikel 3, gemaak is.

Stempel of merk van karkasse.

64. Die abattoirsuperintendent of sy gemagtigde assistente moet alle karkasse of gedeeltes van karkasse voordat dit uit die abattoir verwyder word, met die amptelike stempel of merk van die Raad stempel of merk op sodanige plekke of wyse as wat hy nodig ag.

Merk en stempel slegs deur gemagtigde persone.

65. Niemand, behalwe die abattoirsuperintendent of sy gemagtigde assistente, mag 'n karkas of 'n gedeelte van 'n karkas van 'n dier, met iets wat voorgegee word 'n amptelike stempel of merk van die Raad te wees, merk of stempel of laat merk of stempel nie.

Vergoeding.

66. Geen vergoeding word betaal vir 'n karkas, of enige gedeelte van enige karkas, of enige orgaan of gedeelte van enige orgaan waarop beslag gelê, wat afgekeur en vernietig word of andersins so behandel is sodat dit nie vir menslike verbruik aangewend kan word nie.

Verwydering van karkasse, afval en huide.

67. Onmiddellik nadat 'n dier geslag, bewerk, ondersoek en gemerk of gestempel is, moet die karkas uit die slagsale na die ophangsaal verwyder word. Alle afval, koppe, harslae, kloutjies, huide, velle en horings moet sonder versuim uit die slagsale na die plek daarvoor afgesonder, verwyder word. Geen afval, koppe, harslae, kloutjies, huide, velle, horings, binnegoed of vuilgoed mag in enige plek van die abattoir agtergelaat word nie, behalwe in plekke wat vir daardie doel verskaf is, of deur die abattoirsuperintendent vir daardie doel aangewys is, en geen huide of velle mag snags in die abattoir gelaat word nie, behalwe in die plek of plekke wat spesiaal vir dié doel afgesonder is.

Inhoud van binnegoed.

68. Iedereen wat werksaam is by die skoonmaak van afval moet die inhoud van die binnegoed in die bakke, wat vir die doel verskaf word, leegmaak.

Skoonmaak van gereedskap en apparate.

69. Iedereen wat van die abattoir gebruik maak, moet sorg dat elke stuk gereedskap of apparaat wat hy gebruik het om 'n dier te slag of te bewerk, behoorlik skoongemaak en gewas word, onmiddellik nadat hy met die slag of bewerking klaar is.

Bakke vir vuilgoed.

70. Niemand mag binne die abattoir vuilgoed, afval, bloed, mis, of binnegoed iewers anders as in die bakke, slote, riole of putte wat vir dié doel verskaf word, gooi nie.

Tariewe vir gebruik van afval- en koelkamers.

71. Die Raad vorder, vir die gebruik van die afval- en koelkamers, die gelde soos in Aanhangsel A uiteengesit.

Wegdoening van afval, kloutjies, pense en binnegoed.

72. Geen kloutjies, pense, afval of ander binnegoed mag snags in die ophangsale of in die afvalkamers oorlê nie, en ook alle pense, afval en ander binnegoed wat nie onmiddellik vir bewerking na die afvalkamer verwyder word nie, moet weggedoen word volgens opdrag van die abattoirsuperintendent.

Inspection of Carcases.

62. The abattoir superintendent and any authorised official may examine, handle and cut into any carcase or part thereof for the purpose of ascertaining whether it is diseased or unsound or unfit for human consumption, and no other person shall cut into or remove any carcase or part of a carcase before such examination and stamping as provided under section 65.

Removal of Carcases.

63. No carcase or portion of a carcase except such portion of a diseased or suspected diseased animal as may be required by a Government veterinary surgeon or a veterinary surgeon, or a medical officer of health or a medical practitioner for the purpose of examination shall be removed from the abattoir unless it bears the official stamp or brand of the Council and all dues and charges in respect thereof have been paid, or arrangements made for the payment as provided in section 3.

Stamping or Branding of Carcases.

64. The abattoir superintendent or his authorised assistants shall brand or stamp with the official stamp or brand of the Council in such places or ways as he may deem necessary all carcases or portions of carcases before removal thereof from the abattoir.

Branding or Stamping by Authorised Persons Only.

65. No person except the abattoir superintendent or his authorised assistants shall brand or stamp or cause to be branded or stamped any carcase or portion of a carcase of any animal with what purports to be an official stamp or brand of the Council.

Compensation.

66. No compensation shall be paid for any carcase, or any portion of any carcase, or any organ or portion of any organ which has been seized, condemned, destroyed or otherwise treated so as to render it incapable of being used for human consumption.

Removal of Carcases, Offal and Hides.

67. Immediately after any animal has been slaughtered, dressed, examined and branded or stamped, the carcase shall be removed from the slaughter halls into the hanging hall. All Offal, heads, plucks, feet, hides, skins and horns shall be removed from the slaughter halls to the places set apart for the same without undue delay. No offal, heads, plucks, feet, hides, skins, horns, entrails or refuse shall be left anywhere in the abattoir except at such places provided for that purpose or as designated by the abattoir superintendent for such purpose; and no hides or skins shall be left overnight in the abattoir except at such place or places as may be specially set apart for that purpose.

Contents of Viscera.

68. Every person engaged in the cleansing of offal shall empty the contents of the viscera into the receptacles provided for that purpose.

Cleansing of Articles and Appliances.

69. Every person using the abattoir shall cause every article or appliance which may have been used by him in slaughtering or dressing of any animal to be thoroughly cleaned and washed immediately after the completion of such slaughtering or dressing.

Receptacles for Refuse.

70. No person shall deposit any refuse, offal, blood, manure or entrails in any place in the abattoir except in the receptacles, drains, sewers or sumps provided for the purpose.

Tripery and Cold Storage Charges.

71. For the use of the tripery and cold storage, the Council shall make the charges as laid down in Annexure A.

Disposal of Offal, Feet, Tripe and Entrails.

72. No feet, tripe, offal or other entrails shall be left in the hanging halls or offal-shed or tripery overnight, and all tripe, offal and other entrails, not immediately removed to the tripery for preparation shall be disposed of as the abattoir superintendent may direct.

Bloed en mis.

73. Ook alle mis, bloed en vuilgoed moet mee weggedoen word volgens opdrag van die abattoirsuperintendent.

Warmwatertenks en stoom.

74. Iedereen wat die warmwatertenk en stoom in die varkbewerksaal gebruik, moet die stoom onmiddellik afsluit na voltooiing van die verrigtinge.

Gebruik van warmwatertenk, tafels en blokke.

75. Niemand mag 'n vark vir 'n onnodige lang tyd in die warmwatertenk of op die banke of tafels hou nie. Alle geskille omtrent voorrang wat die gebruik van die warmwatertenk betref word deur die abattoirsuperintendent beslis.

Betalings deur handelaars in afval.

76. Enigeen wat handeldryf in afval of die vervaardiging van worsvelle, moet vir sy nodige werkplek betaal op die basis soos bepaal by Aanhangsel A.

Betaling vir opberging van huide, velle, horings en hoewe.

77. Betaling vir die opberging van huide, velle, horings, en hoewe is soos voorgeskryf in Aanhangsel A.

Bewerking van pense, afval, kloutjies en ander binnegoed.

78. Alle kloutjies, pense, afval en ander binnegoed van alle diere moet in die afvalkamers vir verkoop bewerk word, of in die plek wat vir die doel afgesonder is, gewas word.

Sindelikheid van kantore.

79. Iedereen wat 'n kantoor, ruimte of sluitkas in die abattoir huur of gebruik moet dit deeglik skoon hou. Kantore, ruimtes of sluitkaste mag nie vir die opberging van vleis, afval of vet gebruik word nie. Sluitkaste moet slegs gebruik word om gereedskap en uitrusting in verband met slagtery in te bêre.

Vleismark.

80. Die abattoirsuperintendent kan in die ophangsel 'n ruimte afsonder wat as 'n vleismark gebruik kan word.

Vorderings vir gebruik van vleismark.

81. Die Raad is geregtig om vorderings vir die gebruik van die vleismark te hef, soos voorgeskryf by Aanhangsel A.

Verkoop van vleis.

82. Geen karkas of gedeelte van 'n karkas mag binne die abattoir verkoop of te koop uitgestal word nie, behalwe op die vleismark.

Ophangsaal.

83. Karkasse van alle diere wat binne die abattoir geslag word moet in die ophangsaal of in die vleismark opgehang word voordat dit verkoop of andersins verwyder word.

Die abattoirsuperintendent mag opdrag gee dat karkasse/vleis slegs verwyder mag word na die dag waarop daar geslag en bevries is.

Duur van hang.

84. Die maksimum tydperk wat karkasse sonder ekstra koste in die verkoelingskamerophangsaal of in die vleismark kan hang is tot 12 vm. van die dag nadat dit geslag is, en op enige karkas of gedeeltes daarvan wat na genoemde tyd in die verkoelingskamer-ophangsaal of in die vleismark agterbly, is verdere koste soos voorgeskryf by Aanhangsel A betaalbaar.

Oppomp of opblaas.

85. Niemand mag 'n karkas of 'n gedeelte daarvan opblaas of opstop of so bewerk om dit aldus 'n bedrieglike voorkoms te gee nie. Waar opblasing geskied in die geval van lammers of kalwers of longe, moet 'n meganiese pomp daarvoor gebruik word.

Karkasse moet by verwydering toegemaak wees.

86. Geen karkas of gedeelte daarvan mag uit die abattoir verwyder word sonder dat dit geheel en al met 'n skoon en geskikte kleed toegemaak is nie, en niemand mag op die dekkleed van 'n karkas of gedeelte daarvan binne die abattoir of terwyl dit daarvandaan vervoer of verwyder word, sit of daarteen leun nie.

Blood and Manure.

73. All manure, blood and refuse shall be disposed of as directed by the abattoir superintendent.

Scalding Tanks and Steam.

74. Every person using the scalding tanks and steam in the pig dressing hall shall turn off the steam immediately after completion of the scalding operations.

Use of Scalding Tanks, Tables and Blocks.

75. No person shall keep any pig for an unnecessary length of time in a scalding tank or upon the blocks or tables. All disputes as to priority of using the scalding tanks shall be decided by the abattoir superintendent.

Payment by Dealers in Offal.

76. Any person dealing in offal or sausage skin manufacture, shall pay for such accommodation as he may require on the basis prescribed in Annexure A.

Payment for Storage of Hides, Skins, Horns and Hoofs.

77. Payment for the storage of hides, skins, horns and hoofs shall be as prescribed in Annexure A.

Preparation of Tripe, Offal, Feet and Entrails.

78. All feet, tripe, offal and other entrails of all animals shall be prepared for sale in the tripery or washed in such place as may be set aside for the puspose.

Cleanliness of Offices.

79. Every person renting or using an office, space or locker in the abattoir shall keep the same thoroughly clean. Offices, spaces or lockers shall not be used for storage of meat, offal or fat. Lockers shall be used only for the storage of tools and kit incidental to slaughtering.

Carcase Market.

80. The abattoir superintendent may allot a space in the hanging hall for the purpose of a carcase market.

Charges for the Use of Carcase Market.

81. The Council shall be entitled to make charges for the use of the carcase market as prescribed in Annexure A.

Sale of Meats.

82. No carcase or part of a carcase shall be sold or exposed for sale within the abattoir except within the carcase market.

Hanging Hall.

83. Carcases of all animals slaughtered within the abattoir shall be hung in the hanging hall or carcase market before removal for sale or otherwise. The abattoir superintendent may direct that carcases or meat may be removed only on the day after slaughtering and chilling.

Duration of Hanging.

84. The maximum period for hanging in the cold store hanging halls or carcase marked without extra charge shall be until 12 noon on the day following slaughter, and any carcase or portions thereof remaining in the cold store hanging hall or carcase market beyond that period shall be subject to further charges as prescribed in Annexure A.

Inflating or Blowing.

85. No person shall inflate or stuff or dress any carcase or portion thereof so as to give it a deceptive appearance. When inflation is carried out in the case of lambs or calves or lungs, a mechanical inflator shall be used.

Carcase to be Covered on Removal.

86. No carcase or portion thereof shall be removed from the abattoir without being completely covered with a clean and suitable covering, and no person shall sit or rest on the covering of any carcase or portion thereof within the abattoir or in the course of removal or transportation from the abattoir.

Soort voertuie, sindelikheid en naam van eienaar.

87. (1) Niemand mag enige karkas of enige vleis van die abattoir vervoer, toelaat of veroorsaak dat dit van die abattoir vervoer word, behalwe in 'n vervoerwa of voertuig wat deur die stadsgeneesheer vir daardie doel ondersoek en goedgekeur is nie. Elke sodanige voertuig moet saamgestel word met toegemaakte sykante, ente en bokant om sodoende die besoedeling van vleis daarin deur vlieë, stof of enige ander skadelike stof of ding te verhoed, en moet verder saamgestel word in ooreenstemming met die goedgekeurde ontwerpe van die stadsgeneesheer, wie se ontwerpe oopgestel moet wees vir ondersoek deur, en beskikbaar wees vir almal wie dit aangaan. Die Stadsgeneesheer moet 'n sertifikaat aan die eienaar van 'n voertuig uitreik, wat deur hom ondersoek en goedgekeur is.

(2) Niemand mag enige afval van die abattoir vervoer of verwyder, toelaat of veroorsaak dat dit van die abattoir vervoer of verwyder word in enige voertuig wat ander slagtersvleis bevat nie, tensy die afval in 'n afsonderlike skoon houer of afsonderlike skoon afdeling in sodanige voertuig geplaas kan word om sodoende enige kontak tussen sodanige afval en sodanige ander slagtersvleis doeltreffend te verhoed: Met dien verstande dat vir die toepassing van hierdie artikel, die woord „afval" nie koppe en pootjies wat afgeslag, skoongemaak en bevries is, insluit nie.

Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing op enige persoon wat 'n pakket vleis van die abattoir verwyder of vervoer vir sy eie verbruik nie.

(3) Alle voertuie ingevolge hierdie artikel benodig moet die naam en adres van die eienaar op 'n duidelik sigbare plek op sodanige voertuig geverf hê in letters van nie minder as twee duim groot nie.

Voertuie mag geen afval, bevat nie, behalwe waar afsonderlike afskortings verskaf word.

88. Niemand mag 'n karkas of 'n gedeelte daarvan op 'n kar of ander voertuig wat bloed, binnegoed, derms of afval bevat, laat laai of verwyder of toelaat dat dit daarop gelaai of verwyder word nie, behalwe as daar op sodanige kar of voertuig 'n afsonderlike afskorting ingerig is vir die vervoer van bloed, binnegoed, derms of afval. Hierdie afskorting moet van waterdigte materiaal, en op so 'n wyse gemaak wees dat dit genoemde goedere geheel en al afskei van karkasse of gedeeltes daarvan wat op dieselfde voertuig vervoer word en moet heeltemal toegemaak wees met 'n deksel of oortreksel wat behoorlik gemaak is en daarop pas.

Skriftelike opdragte vir die verwydering van vleis, vet, afval of ander vleisprodukte.

89. Niemand mag vleis, vet, afval of ander vleisprodukte uit die abattoir verwyder nie sonder 'n afleweringsbriefie of permit onderteken deur die eienaar daarvan. Hierdie briefie of permit moet, op aanvraag, aan die abattoirsuperintendent of gemagtigde beampte van die abattoir getoon word.

Merk van karkasse.

90. Onderworpe aan die bepalings van artikel 63, moet iedereen wat beheer het oor, of belas is met die sorg vir die bewerking van 'n karkas of 'n gedeelte daarvan, wanneer die bewerking klaar is, aan sodanige karkas of gedeelte 'n kaartjie heg met die naam en adres van die eienaar daarvan en moet sodanige karkas of gedeelte daarvan met 'n onderskeidende merk wat in die kantoor van die abattoirsuperintendent geregistreer is, merk of stempel.

Geskille.

91. Alle geskille in verband met die gebruik van die slagsaal, ophangsaal, hokke, krale of afvalafdeling word deur die abattoirsuperintendent beslis.

Vleis, huide, velle, kloutjies, bloed, afval of binnegoed in toestand van ontbinding.

92. Geen karkas of 'n gedeelte daarvan, en geen vleis wat in 'n toestand van ontbinding verkeer, en geen huide, velle, kloutjies, bloed, afval of binnegoed mag in die ophangsaal of in die vleismark ingeneem of gelaat word nie.

Type of Vehicles, Cleanliness and Owner's Name.

87. (1) No person shall convey or cause or suffer to be conveyed any carcase, flesh or meat from the abattoir except in a van or vehicle which shall have been examined and passed for that purpose by the medical officer of health. Every such vehicle shall be constructed with enclosed sides, ends and top so as to prevent the contamination of meat therein by flies, dust or any other noxious matter or thing and shall, further, be constructed in accordance with the designs approved by the medical officer of health, which designs shall be open for inspection by and be available to all concerned. The medical officer of health shall issue a certificate to the owner of a vehicle so examined and passed by him.

(2) No person shall convey or remove or cause or suffer to be conveyed or removed any offal from the abattoir in any vehicle containing any other butcher's meat unless such offal be placed in a separate clean receptacle or separate clean compartment in such vehicle so as effectively to prevent any contact between such offal and such other butcher's meat: Provided that for the purpose of this section, the term "offal" shall not include heads and feet which have been skinned, cleaned and frozen hard.

The provisions of this section shall not apply to any person removing or conveying any parcel of meat from the abattoir for his own use.

(3) All vehicles required in terms of this section shall bear the name and address of the owner painted thereon in letters not less than two inches in height in a conspicuous place.

Vehicles not to Contain Offal except where Separate Compartments are Provided.

88. No person shall cause or permit any carcase or portion thereof to be loaded on a cart or other vehicle or to be removed on a cart or other vehicle containing blood, viscera, intestines or offal, except where a separate compartment is provided for the conveyance of blood, viscera, intestines or offal. Such compartment shall be made of impervious material and be so constructed as to separate these articles completely from any carcase or portions thereof carried on the same vehicle and shall be completely covered with a lid or cover properly constructed and fitted.

Written Orders for the Removal of Meat, Fat, Offal or Other Meat Product.

89. No person shall remove any meat, fat, offal, or other meat product from the abattoir without a delivery slip or permit signed by the owner thereof. This slip or permit shall be shown to the abattoir superintendent, or authorised abattoir official, on demand.

Labelling or Marking of Carcases.

90. Subject to the provisions of section 63 every person who has control or is in charge of the dressing of any carcase or portion thereof, shall on the completion of dressing, attach to such carcase or portion a label giving the name and address of the owner thereof, or shall brand or stamp such carcase or portion thereof with a distinctive mark registered in the office of the abattoir superintendent.

Disputes.

91. All disputes in regard to the occupation of the slaughtering hall, hanging hall, pens, lairages or offal section shall be determined by the abattoir superintendent.

Decomposing Meat, Hides, Skins, Feet, Blood, Offal or Entrails.

92. No carcase or portion thereof, nor any meat in a state of decomposition, nor any hides, skins, feet, blood, offal or entrails shall be taken into or allowed to remain in the hanging halls or carcase market.

Dra van karkasse.

93. Almal wat karkasse op hulle skouers dra, moet hulle hare, nek en skouers met 'n skoon kleed of doek of bekleedsel van materiaal wat deur die abattoirsuperintendent goedgekeur is, toemaak.

Ontsmetting van huide en velle.

94. Die huide en velle van alle diere wat onder kwarantyn is en wat in die abattoir geslag word, moet ontsmet word voor verwydering daarvan, en vir sodanige ontsmetting moet die eienaar die koste betaal soos by Aanhangsel A bepaal.

Weiering van toegang.

95. Die abattoirsuperintendent kan weier om toegang tot die abattoir aan enigeen te verleen wat weens een of ander kriminele oortreding binne die abattoir begaan, of weens een of ander oortreding of verontagsaming van hierdie verordeninge skuldig bevind is.

Registreer van merke.

96. Die Raad is nie vir aflewering volgens merke verantwoordelik nie, tensy die merke en nommers van karkasse en pakke aldus gemerk, spesiaal by die abattoirsuperintendent op die dag van opberging geregistreer is.

Raad nie aanspreeklik vir verlies of skade nie.

97. Die Raad is nie aanspreeklik vir die verlies of beskadiging van die inhoud van beskadigde kaste of kaste wat op versoek van die eienaar oopgemaak is nie.

Aflewering van goedere.

98. Goedere word slegs op vertoning van 'n skriftelike opdrag van die eienaar afgelewer.

Nie-verwydering van goedere wat opgeberg is.

99. Ingeval die eienaar versuim om goedere wat opgeberg is na behoorlike kennisgewing te verwyder, behou die Raad hom die reg voor om sodanige goedere uit die koelkamer na die yskamers te verwyder, indien die abattoirsuperintendent vind dat die toestand van sodanige goedere nadelig is vir ander goedere wat in die koelkamer opgeberg is.

Versuim om koste te betaal.

100. Ingeval die eienaar versuim om opgelope koste te betaal wanneer dit geëis word, behou die Raad hom die reg voor om goedere wat in die koelkamers geplaas is, daar te hou totdat sodanige koste betaal is, en ook die reg om bedoelde goedere van die hand te sit tot vereffening van sodanige opgelope koste: Met dien verstande dat die opbrengs van sodanige verkoop, na aftrekking van die Raad se redelike koste, aan die eienaar oorhandig word.

Artikels in die koelkamers opgeberg.

101. Die abattoirsuperintendent is bevoeg om enige goedere vir opberging in die koelkamers te weier wat, volgens sy mening, in 'n toestand van ontbinding verkeer of van so 'n aard is, of vanweë die reuk daarvan die gevaar inhou dat dit ander goedere in die koelkamers kan besmet.

Uitbreek van brand.

102. Die Raad is nie aanspreeklik vir enige skade of verlies in geval van brand of diefstal nie.

Raad nie aanspreeklik vir bederf nie.

103. Die Raad is nie aanspreeklik vir bederf weens onegalige temperature of die onklaarraak van masjinerie, of weens enige ander oorsaak van watter aard ook al buite sy beheer nie.

Kennisgewing om met die beheer van abattoir te help.

104. Die abattoirsuperintendent is bevoeg om sodanige kennisgewings as wat nodig is vir die beheer oor die abattoir in verband met besonderhede wat nie ingevolge hierdie verordeninge behandel is nie, uit te reik, mits bedoelde kennisgewings nie in stryd is met die bepalings van hierdie verordeninge nie, en alle persone wat die abattoir gebruik, moet aan hierdie kennisgewings voldoen.

Carrying of Carcases.

93. All persons carrying carcases on their shoulders shall cover their hair, necks and shoulders with a clean sheet or cloth or covering of material approved by the abattoir superintendent.

Disinfection of Hides and Skins.

94. The hides and skins of all quarantined animals slaughtered within the abattoirs shall be disinfected before removal and for such disinfection the owner shall pay the charges as laid down in Annexure A.

Refusal of Admission.

95. The abattoir superintendent may refuse admission to the abattoir of any person who has been convicted of any criminal offence committed within the abattoir or of any offence or contravention against these by-laws.

Registering of Marks.

96. The Council shall not be liable for delivery according to marks unless marks and numbers of carcases and packages under such marks be specially registered with the abattoir superintendent on the day of storing.

Council not Liable for Loss or Damage.

97. The Council shall not be liable for loss or damage of contents of damaged case or cases which have been opened at the request of the owner.

Delivery of Goods.

98. Goods shall only be delivered on presentation of written orders of the owner.

Non-Removal of Stored Goods.

99. In the event of the owner failing to remove stored goods after due notification, the Council reserves the right to remove such stored goods from the chill room into the freezing rooms, if the condition of such goods is considered by the abattoir superintendent to be detrimental to other goods stored in the chill room.

Non-Payment of Charges.

100. In the event of the owner failing to pay on demand charges accrued, the Council reserves the right to detain any goods placed in cold storge until such charges have been paid, and also the right to dispose of such goods to cover such accrued charges: Provided that the proceeds of such disposal shall, after deduction of the Council's reasonable charges, be handed over to the owner.

Articles in Cold Storage.

101. The abattoir superintendent shall have the power to refuse any article for cold storage which, in his opinion, is in a state of decomposition or of such a nature, or shall by reason of its odour be liable to contaminate any article in cold storage.

Outbreak of Fires.

102. The Council shall not be liable for any loss or damage in case of fire or theft.

Council not Liable for Spoilage.

103. The Council shall not be liable for spoilage due to irregular temperatures or breakdown of machinery or from any other cause of whatsoever nature beyond its control.

Notices to Assist Control of Abattoir.

104. The abattoir superintendent shall have the power to issue such notices as may be necessary for the control of the abattoir as regards details not dealt with under these by-laws: Provided that such notices are not in conflict with the provisions of these by-laws, and all persons using the abattoir shall comply with such notices.

Verbod op slag uitgesonderd by die abattoirs.

105. Uitgesonderd in die geval van diere wat die okkupeerder van 'n perseel kan slag vir sy eie gebruik of dié van sy gesin, mag niemand binne die regsgebied van die Raad elders as in die abattoir enige vee, skape, varke of ander diere slag waarvan die vleis vir menslike verbruik bedoel is nie.

Verbod op invoer van karkasse en slagtersvleis.

106. Niemand mag binne die Raad se regsgebied enige karkas (uitgesonderd wild) of enige slagtersvleis van enige dier wat buite sodanige gebied geslag is, inbring nie, tensy so 'n dier op plekke geslag is wat deur die Raad goedgekeur, en uiteengesit is in Aanhangsel B hierby en—

(*a*) sodanige karkas of vleis òf vergesel gaan van die binnegoed, organe en ander dele van die karkas wat nog daaraan vas moet wees en, in die geval van varke, ook die kop; òf

(*b*) sodanige karkas of vleis deur 'n gemagtigde amptenaar van die betrokke plaaslike bestuur gestempel of gemerk is, by 'n abattoir in Aanhangsel B hiervan genoem, as aanduiding dat as sodanige karkas of vleis en die binnegoed wat daaraan behoort en die organe en ander gedeeltes daarvan ten tyde van die slag daarvan behoorlik geïnspekteer en onbesmet bevind is:

Met dien verstande dat daar nie geag word dat die bepalinge van hierdie artikel karkasse of slagtersvleis vrystel van ondersoek, merk of stempel soos bepaal in artikel 107 nie.

Vleis en karkasse gestempel te word.

107. (1) Iedereen wat vleis of dooie diere wat bedoel is vir menslike verbruik binne die munisipaliteit inbring, vervoer of transporteer van enige plek buite sodanige gebied, moet wanneer dit deur die plaaslike owerheid verlang word, sodanige vleis of dooie diere voorlê om deur die Raad ondersoek en gebrandmerk of gestempel te word by die abattoir, of by sodanige ander plekke as wat die Raad van tyd tot tyd gelas.

(2) Sodanige vleis of dooie diere mag nie aan enige persoon of enige ontvanger daarvan verkoop of afgelewer word nie, of in enige slagterswinkel afgelewer of daarin geplaas word nie, totdat sodanige vleis of dooie diere aldus ondersoek en gebrandmerk of gestempel is.

(3) Iedereen wat enige vleis of dooie diere aldus verkoop, aflewer, koop of in ontvangs neem, of wat dit in enige slagterswinkel plaas of duld of veroorsaak of toelaat dat dit daar geplaas word, in stryd met die bepalings van hierdie artikel, is skuldig aan 'n oortreding kragtens hierdie verordeninge.

(4) Niemand mag binne die munisipaliteit vleis of dooie diere, te koop aanbied of vir verkoop uitstal of verkoop of andersins van die hand sit of vir verkoop of van die hand sit of aflewering in sy besit hê nie, tensy dit deur die Raad of 'n owerheid wat vir die Raad aanvaarbaar is ondersoek, gebrandmerk, gestempel en goedgekeur is.

Bemoeiliking van ondersoek.

108. Niemand mag regstreeks if onregstreeks die ondersoek, stempel of merk, wat in artikel 107 genoem word, verhinder of bemoeilik of hom daarteen verset, of weier om op een of ander navraag in verband daarmee te antwoord of opsetlik 'n vals antwoord daarop gee nie.

Koste vir inspeksie van ingevoerde vleis.

109. Onderworpe aan die bepalings van subartikel (ii) van artikel *honderd twee-en-dertig* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, mag niemand in gebreke bly om die gelde wat betaalbaar is, soos uiteengesit in Aanhangsel A vir die ondersoek, stempel of merk van alle slagtersvleis, karkasse of gedeeltes daarvan, word nie.

Prohibition of Slaughtering Except at the Abattoir.

105. No person shall slaughter any cattle, sheep, pigs or other animals intended for the food of man within the area of jurisdiction of the Council except at the abattoir: Provided, that these provisions shall not apply to animals slaughtered by any person on his own premises for consumption by himself and his family.

Prohibition of Importation of Carcases and Butcher's Meat.

106. No person shall introduce into the Council's area of jurisdiction any carcase (other than game) or any butcher's meat of an animal slaughtered outside such area unless such animal or animals have been slaughtered at places approved by the Council and specified in Annexure B hereof, and either—

(*a*) such carcase or meat is accompanied by the undetached viscera, organs and other portions of the carcase and, in the case of pigs, the head also; or

(*b*) such carcase or meat is stamped or branded by an authorised officer of the local authority concerned, at an abattoir specified in Annexure B hereof, indicating that such carcase or meat and the viscera belonging thereto and the organs and other portions thereof have been duly inspected at the time of slaughter and found free from disease:

Provided that the provisions of this section shall not be deemed to exempt carcases or butcher's meat referred to therein from examination, branding or stamping as provided in section 107.

Meat and Carcases to be Stamped.

107. (1) Every person who shall import, convey or transport any meat or dead animals intended for human consumption into the municipality from any place outside such area, shall, when so required by the local authority, submit such meat or dead animals for the purpose of examination and branding or stamping by the Council at the abattoir or at such other places as the Council may from time to time direct.

(2) Such meat or dead animals shall not be sold or delivered to any person or any consignee thereof or delivered at or deposited in any butcher's shop until such meat or dead animals have been so examined and branded or stamped.

(3) Any person so selling, delivering, purchasing or accepting delivery of or depositing or allowing, causing or permitting to be deposited in any butcher's shop any such meat or dead animals in contravention of the provisions of this section shall be guilty of a contravention under these by-laws.

(4) No person shall within the municipality offer or expose for sale or sell or otherwise dispose of or have in his possession for sale or disposal or delivery any meat or dead animals unless the same shall have been examined, branded, stamped and passed by the Council or by an authority acceptable by the Council.

Obstructing Examination.

108. No person shall directly or indirectly hinder, obstruct or resist the examination, stamping or branding referred to in section 107 or refuse to answer or knowingly make a false answer to any enquiry in connection therewith.

Charges for Inspection of Imported Meat.

109. Subject to the provisions of sub-section (ii) of section *hundred and thirty-two* of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, no person shall fail to pay the inspection fees as specified in Annexure A for the examination and stamping or branding of all butcher's meat, carcases or portions thereof imported into its area of jurisdiction.

Slag van swaar dragtige dier.

110. (1) Onderworpe aan die bepalings van subartikel (2) hiervan, mag geen swaar dragtige diere by die slagplaas geslag word nie, en die abattoirsuperintendent het die reg om die slag van enige dier wat volgens sy mening swaar dragtig is te verbied, tensy daar aan hom 'n sertifikaat vertoon word, uitgereik deur 'n veearts, dat die dier nie swaar dragtig is nie.

(2) Die stadsgeneesheer of sy behoorlik daartoe gemagtigde assistent mag verlof toestaan om 'n swaar dragtige dier te slag.

Strafbepalings.

111. Iedereen wat die bepalings van hierdie verordeninge oortree, is tensy anders bepaal, by skuldigbevinding, strafbaar met 'n boete van hoogstens £50 (vyftig pond) of, by wanbetaling, met gevangenisstraf met of sonder dwangarbeid, vir 'n tydperk van hoogstens 3 (drie) maande.

112. Die Abattoir Bijwetten van die Munisipaliteit Vereeniging, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 50 van 3 Februarie 1916, word hierby herroep: Met dien verstande dat alle laste, gelde en tariewe in die verordeninge wat hierby herroep is, uitgesonderd vir sover hulle met hierdie verordeninge onbestaanbaar is, ten volle regsgeldig en van krag is totdat dit herroep of gewysig word en word geag ooreenkomstig hierdie verordeninge opgestel.

Administrateurskennisgewing No. 499.] [5 Augustus 1959.

VOORGESTELDE OPHEFFING OF VERMINDERING VAN OPGEMETE UITSPANSERWITUUT OP DIE PLAAS LANGSPRUIT No. 13.—REGISTRASIE AFDELING H.S., DISTRIK STANDERTON.

Met die oog op 'n aansoek ontvang van mnr. G. F. du Preez, Standerton, om die opheffing of vermindering van die serwituut ten opsigte van die opgemete uitspanning, groot 30 morge 22 vierkante roedes, geleë op sekere resterende gedeelte van die plaas Langspruit No. 13, H.S. distrik Standerton, soos aangetoon op Diagram L.G. No. A.1912/13, is die Administrateur voornemens om ooreenkomstig paragraaf (ii) van subartikel (1) van artikel *ses-en-vyftig* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957) op te tree.

Alle belanghebbende persone is bevoegd om binne drie maande vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Streekbeampte, Transvaalse Paaiedepartement, Privaatsak 34, Ermelo, skriftelik in te dien.

D.P. 051-057-37/3/73.

Administrateurskennisgewing No. 500.] [5 Augustus 1959.

MUNISIPALITEIT PRETORIA.—WYSIGING VAN BEGRAAFPLAAS- EN KREMATORIUMVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die wysigingsverordeninge in die bygaande Bylae uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

T.A.L.G. 5/23/3.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT PRETORIA.—WYSIGING VAN BEGRAAFPLAAS- EN KREMATORIUMVERORDENINGE.

Die Begraafplaas- en Krematoriumverordeninge van die Munisipaliteit Pretoria, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 82 van 30 Januarie 1957, soos gewysig, word hierby verder as volg gewysig:—

1. Deur aan die end van artikel 6 die woord „reserveringsgeld" te skrap en dit deur die woorde „betrokke voorgeskrewe gelde" te vervang.

Slaughtering of Animals which are Heavy with Calf.

110. (1) Subject to the provisions of sub-section (2) hereof, no animal which is heavy with calf shall be slaughtered within the abattoir, and the abattoir superintendent shall have the right to prohibit the slaughtering of any animal which is in his opinion heavy with calf, unless there is produced to him a certificate under the hand of a veterinary surgeon that the animal is not heavy with calf.

(2) Permission to slaughter an animal which is heavy with calf may be given by the medical officer of health or his duly authorised deputy.

Penalties.

111. Any person contravening the provisions of these by-laws shall, except where otherwise provided, be liable on conviction to a penalty not exceeding £50 (fifty pounds), or, in default of payment, to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding 3 (three) months.

112. The abattoir by-laws of the Municipality of Vereeniging, published under Administrator's Notice No. 50, dated the 3rd February, 1916, are hereby revoked: Provided that all charges fees and tariffs contained in the by-laws hereby revoked shall, except as far as they are inconsistent with these by-laws, remain of full force and effect until revoked or amended.

Administrator's Notice No. 499.] [5 August 1959.

PROPOSED CANCELLATION OR REDUCTION OF SURVEYED OUTSPAN SERVITUDE ON THE FARM LANGSPRUIT No. 13.—REGISTRATION DIVISION H.S., DISTRICT OF STANDERTON.

In view of an application having been made by Mr. G. F. du Preez, Standerton, for the cancellation of reduction of the servitude in respect of the surveyed outspan, in extent 30 morgen 22 square roods, situated on certain remaining portion of the farm Langspruit No. 13, H.S., District of Standerton, as indicated on Diagram S.G. No. A.1912/13, it is the Administrator's intention to take action in terms of paragraph (ii) of sub-section (1) of section *fifty-six* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957).

It is competent for any person interested to lodge his objections, in writing, with the Regional Officer, Transvaal Roads Department, Private Bag 34, Ermelo, within three months of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

D.P. 051-057-37/3/73.

Administrator's Notice No. 500.] [5 August 1959.

MUNICIPALITY OF PRETORIA.—CEMETERY AND CREMATORIUM BY-LAWS AMENDMENT.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the amending by-laws set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

T.A.L.G. 5/23/3.

SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF PRETORIA.—CEMETERY AND CREMATORIUM BY-LAWS AMENDMENT.

Amend the Cemetery and Crematorium By-laws of the Municipality of Pretoria, published under Administrator's Notice No. 82, dated the 30th January, 1957, as amended, as follows:—

1. By the deletion at the end of section 6 of the words "reservation fee" and the substitution therefor of the words "relative prescribed fees".

2. Deur artikel 24 te skrap en dit deur die volgende te vervang:—

„24. (1) Uitgesonderd in geval van grafpersele wat ingevolge subartikel (2) gereserveer is, moet elke grafperseel ten opsigte waarvan 'n teraardebestelling deur begrawing ingevolge hierdie verordeninge gemagtig is, op naam van die naasbestaande gereserveer word en ingeval daar geen bekende naasbestaande is nie, op naam van die persoon wat om die graf aansoek doen. Waar 'n teraardebestelling deur begrawing op aanvraag van 'n liggaam, 'n vereniging, 'n institusie of die regering gemagtig is, word die perseel wat vir sodanige teraardebestelling toegestaan is op naam van sodanige liggaam, vereniging, institusie of die Regering gereserveer.

(2) 'n Grafperseel vir persone van nege jaar of ouer, soos in artikel 33 gespesifiseer, kan na goeddunke van die Raad vooruit gereserveer word op aanvraag by die superintendent en teen betaling van die onderskeie grafperseelgelde wat in paragraaf (*a*) (i) of paragraaf (*f*), of albei, na gelang van die geval, van die Vierde Bylae voorgeskryf word: Met dien verstande dat geen reservering wat ingevolge hierdie subartikel teweeggebring is die reg gee op die teraardebestelling deur begrawing in die grafperseel ten opsigte waarvan die reservering gemaak is van die liggaam van 'n persoon wat ten tyde van sy afsterwe aanspreeklik sou wees vir betaling van die bykomende gelde wat in paragraaf (*f*) van die Vierde Bylae gespesifiseer is nie, ten sy sodanige bykomende tariewe betaal word.

(3) 'n Reserveringsertifikaat in die vorm wat in die Eerste Bylae voorgeskryf word, word uitgereik ten opsigte van elke grafperseel wat ingevolge hierdie artikel gereserveer word."

3. Deur aan die end van paragraaf (*d*) van artikel 45 die volgende toe te voeg:—

„Met dien verstande dat die grafte van persone wat in enige oorlog gesneuwel het, welke grafte deur die ‚War Graves Commission' of enige ander erkende liggaam of deur enige buitelandse regering versorg of onderhou word, op aansoek by die Raad, van die vereistes van hierdie artikel vrygestel word, behalwe, betaling van die graafgelde wat in item (ii) van paragraaf (*a*) van die Vierde Bylae gespesifiseer is."

4. Deur na die reël luidende „Oorsaak van dood" in die Derde Bylae, die volgende in te voeg:—

„Naam van naasbestaande.....
Naam van aanvraer....."

5. Deur paragraaf (*a*) van die Vierde Bylae te skrap en dit deur die volgende te vervang:—

„(*a*) Grafperseelgelde en graafgelde—

	(i) *Grafperseelgelde: Per enkelgraf soos in artikel 33 omskryf.*	(ii) *Graafgeld per enkelgraf of per heropening van graf vir tweede of daaropvolgende teraardebestelling, na gelang van die geval.*
Blankes—	£ s. d.	£ s. d.
Nege jaar oud of ouer...	5 0 0	3 10 0
Jonger as nege jaar.....	3 0 0	2 0 0
Kleurlinge—		
Nege jaar oud of ouer....	2 10 0	2 10 0
Jonger as nege jaar.....	1 10 0	1 10 0
Naturelle—		
Nege jaar oud of ouer....	1 0 0	1 0 0
Jonger as nege jaar.....	0 12 6	0 12 6

As 'n perseel soos in artikel 33 omskryf en met meer as een graf nodig is, moet die gelde 'n veelvoud wees van die onderskeie gelde vir enkelgrafpersele, volgens die aantal grafte wat in so 'n perseel beskikbaar is."

6. Deur in paragraaf (*b*) van die Vierde Bylae vóór die woorde „betaalbaar vir" die woorde „ten opsigte van elk van ondergemelde variasies" in te voeg.

2. By the deletion of section 24 and the substitution therefor of the following:—

"24. (1) Except in the case of grave plots reserved in terms of sub-section (2), every grave plot upon which a burial by interment has been authorised in terms of these by-laws shall be reserved in the name of the next of kin and in the event of there being no known next of kin, in the name of the person applying for the grave. Where a burial by interment has been authorised upon an application received from a body, association, institution or the Government, the plot allotted for such burial shall be reserved in the name of such body, association, institution or the Government as the case may be.

(2) A grave plot for persons of nine years or over as specified in section 33, may in the discretion of the Council, be reserved in advance, upon application submitted to the superintendent and upon payment of the respective grave plot charges prescribed in paragraph (*a*) (i) or paragraph (*f*) or both as the case may be, of the Fourth Schedule: Provided that no reservation effected in terms of this sub-section, shall entitle the burial by interment on the grave plot in respect of which such reservation shall have been made, of the body of a person who at the time of his death would have been liable for payment of the additional charges specified in paragraph (*f*) of the Fourth Schedule, unless such additional charges are paid.

(3) A Certificate of Reservation in the form prescribed in the First Schedule shall be issued in respect of every grave plot reserved in terms of this section."

3. By the addition at the end of paragraph (*d*) of section 45 of the following:—

"Provided that the graves of persons fallen in any war and which are in the care of or maintained by the War Graves Commission or any other recognised body or by the Government of any foreign country, shall, upon application to the Council, be exempt from the requirements of this section save payment of the digging fees specified under item (ii) of paragraph (*a*) of the Fourth Schedule."

4. By the addition after the line reading "Cause of death" in the Third Schedule of the following new lines:—

"Name of next of kin.....
Name of applicant....."

5. By the deletion of paragraph (*a*) in the Fourth Schedule and the substitution therefor of the following:—

"(*a*) Grave plot charges and digging fees:

	(i) *Grave plot charges: Per single grave plot as defined in section 33.*	(ii) *Digging fee per single grave or per re-opening of grave for a second or subsequent burial, as the case may be.*
Europeans—	£ s. d.	£ s. d.
Nine years of age or over	5 0 0	3 10 0
Under nine years of age..	3 0 0	2 0 0
Coloureds—		
Nine years of age or over	2 10 0	2 10 0
Under nine years of age..	1 10 0	1 10 0
Natives—		
Nine years of age or over	1 0 0	1 0 0
Under nine years of age..	0 12 6	0 12 6

Where a plot as defined in section 33, and containing more than one grave is required, the fees shall be a multiple of the respective fees for single grave plots according to the number of graves available in such plot."

6. By the deletion in paragraph (*b*) of the Fourth Schedule, of the words "payable for the following" and the substitution therefor of the words "payable for each of the following variations".

7. Deur in paragraaf (*f*) van die Vierde Bylae die woorde „ uitgesonder in die geval van reserveringsgelde in persele wat ingevolge artikel 24 gereserveer is " te skrap.

8. Deur na item 13 van die Vyfde Bylae al die woorde van „ Hierby verklaar/bevestig ek " tot en met die woord „ Telefoonnommer " te skrap en dit deur die volgende te vervang:—

„ Handtekening van aanvraer.....

Notice is hereby given, in terms of the provisions of Section 14 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933, that the General Valuation Roll and the Interim Valuation Rolls referred to in Advirtisement No. 2097, dated 29th April, 1959, have been completed and certified in accordance with the above-mentioned section, and that these rolls will become fixed and binding upon all parties concerned who shall not, on or before Tuesday, 8th September, 1959, appeal against the decision of the Valuation Court in accordance with the provisions of Section 15 (1) of the aforementioned Ordinance.

By Order of the President of the Court.

J. J. MARAIS,
Town Clerk and Clerk of the Court.

Municipal Offices,
Vereeniging, 20th July, 1959.
(Advert. No. 2146.) 518—5

MUNISIPALITEIT KRUGERSDORP.

KENNISGEWING VAN EIENDOMSBELASTING.

Neem asseblief kennis dat onderstaande belastings op die waarde van alle belasbare eiendom binne die Krugersdorpse Munisipaliteit, soos dit op die Waarderingslys voorkom, kragtens die bepalings van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, No. 20 van 1933, soos gewysig, deur die Stadsraad van Krugersdorp opgelê is, nl:—

(1) Vir die jaar 1 Julie 1959 tot 30 Junie 1960, 'n oorspronklike belasting van een pennie (1d.) in die pond (£1) op die terreinwaarde van grond binne die Munisipaliteit soos op die Waarderingslys voorkom, waarvan een halfpennie (½d.) op Woensdag, 30 September 1959, verskuldig en betaalbaar is en die orige halfpennie (½d.) op 'n datum wat later ooreenkomstig Artikel 24 van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, No. 20 van 1933, vasgestel en bekendgemaak sal word.

(2) Vir die halfjaar 1 Julie 1959 tot 31 Desember 1959, 'n bykomende belasting van twee en driekwartpennies (2¼d.) in die pond (£1) op die terreinwaarde van grond binne die Munisipaliteit, en ook kragtens Artikel 21 van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, No. 20 van 1933, op die waarde van verbeterings geleë op grond wat gehou word kragtens mynbrief (wat nie grond is in 'n wettig gestigde dorpsgebied nie) sowel as op die terreinwaarde van sodanige grond waar sodanige grond gebruik word vir woondoeleindes of vir doeleindes wat nie met mynbedrywighede gepaard gaan nie, deur persone of maatskappye wat in mynbedrywighede betrokke is of sodanige persone of maatskappye die besitters van die mynbrief is of nie soos op die Waarderingslys voorkom en op Woensdag, 30 September 1959 verskuldig en betaalbaar is.

(3) Vir die halfjaar 1 Julie 1959 tot 31 Desember 1959 'n bykomende belasting verder van vier en een-agste pennie (4⅛d.) in die pond (£1) op die terreinwaarde van grond wat deur enige kragonderneming gehou word en ooreenkomstig Artikel 20 van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, No. 20 van 1933 op Woensdag, 30 September 1959 verskuldig en betaalbaar is.

In alle gevalle waar die belastings ingevolge hiervan opgelê, nie op die vervaldatum betaal word nie, word rente teen sewe persent (7%) per jaar bereken.

STUART B. SHAW,
Stadsklerk.

28 Julie 1959.
(Kennisgewing No. 80 van 1959.)

MUNICIPALITY OF KRUGERSDORP.

NOTICE OF RATE.

Notice is hereby given that the following rates on the value of all rateable property within the Municipality of Krugersdorp, as appearing in the Valuation Roll, have been imposed by the Town Council of Krugersdorp, in terms of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, as amended, viz.:—

(i) An original rate for the year 1st July, 1959, to 30th June, 1960, of one penny (1d.) in the pound (£1) on the site value of land within the Municipality as appearing in the Valuation Roll, due and payable as to one halfpenny (½d.) thereof on Wednesday, the 30th September, 1959, and as to the remaining halfpenny (½d.) on a date to be hereafter fixed and notified in accordance with Section 24 of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933.

(ii) An additional rate for the half-year 1st July, 1959, to 31st December, 1959, of twopence three farthings (2¾d.) in the pound (£1) on the site value of land within the Municipality, and, also in terms of Section 21 of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, on the value of improvements situate upon land held under mining title (not being land in a lawfully established township) as well as upon the site value of such land, where such land is used for residential purposes, or for purposes not incidental to mining operations by persons or companies engaged in mining operations, whether such persons or companies are the holders of the mining title or not as appearing in the Valuation Roll, due and payable on Wednesday, the 30th September, 1959.

(iii) In terms of Section 20 of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, an extra additional rate of four and one-eighth pence (4⅛d.) in the pound (£1.) for the half-year 1st July, 1959, to 31st December, 1959, on the site value of land held by any power undertaking, due and payable on Wednesday, the 30th September, 1959.

In any case where rates imposed are not paid on due date, interest will be charged at the rate of seven per cent (7%) per annum.

STUART B. SHAW,
Town Clerk.

28th July, 1959.
(Notice No. 80 of 1959.) 529—5

STAD JOHANNESBURG.

STADSGESONDHEIDSAFDELING.

SLUMSWET, 1934, SOOS GEWYSIG.

Hierby word ingevolge die bepalings van Artikel 6 (1) van die Slumswet, 1934, soos gewysig, bekendgemaak dat die Stadsraad van Johannesburg op sy vergadering van 30 Junie 1959 die volgende persele binne die Munisipale gebied van Johannesburg tot „slums" verklaar het:—

JEPPESTOWN.

Standplaas No. 233, Maddisonstraat 43, 43A en 43B.

NEWCLARE.

Standplaas No. 227, Mayorlaan.
Standplaas No. 393, Polacklaan.
Standplaas No. 394, Polacklaan.
Standplaas No. 395, Polacklaan.
Standplaas No. 401, Polacklaan.
Standplaas No. 407, Polacklaan.
Standplaas No. 424, Croesuslaan.
Standplaas No. 425, Croesuslaan.
Standplaas No. 426, Croesuslaan.
Standplaas No. 429, Croesuslaan.
Standplaas No. 452, Croesuslaan.
Standplaas No. 453, Croesuslaan.
Standplaas No. 458, Croesuslaan.
Standplaas No. 478, Southeylaan.
Standplaas No. 480, Southeylaan.
Standplaas No. 481, Southeylaan.
Standplaas No. 482, Southeylaan.

Daar is ook ingevolge Artikel 5 (1) (*b*) kennis gegee dat die eienaars van ondergenoemde persele die persele moet sloop en binne sestig (60) dae van vandag met die slopingswerk moet begin.

JEPPESTOWN.

Standplaas No. 233, Kamers 1 tot 16 (heeltemal).

Die nommers van kamers of geboue wat genoem word is dié wat op 'n plan aangegee word wat ter insae in die Kantoor van die Stadsklerk, Stadhuis, Johannesburg, lê.

BRIAN PORTER,
Stadsklerk.

Munisipale Kantoor,
Johannesburg, 5 Augustus 1959.

CITY OF JOHANNESBURG.

CITY HEALTH DEPARTMENT.

SLUMS ACT, 1934, AS AMENDED.

Notice is hereby given for general information, in terms of Section 6 (1) of the Slums Act, 1934, as amended, that the City Council of Johannesburg at its Meeting held on the 30th June, 1959, declared the following premises within the Municipality of Johannesburg to be slum premises:—

JEPPESTOWN.

Stand No. 233, 43, 43A and 43B Maddison Street.

NEWCLARE.

Stand No. 227, Mayor Avenue.
Stand No. 393, Polack Avenue.
Stand No. 394, Polack Avenue.
Stand No. 395, Polack Avenue.
Stand No. 401, Polack Avenue.
Stand No. 407, Polack Avenue.
Stand No. 424, Croesus Avenue.
Stand No. 425, Croesus Avenue.
Stand No. 426, Croesus Avenue.
Stand No. 429, Croesus Avenue.
Stand No. 452, Croesus Avenue.
Stand No. 453, Croesus Avenue.
Stand No. 458, Croesus Avenue.
Stand No. 478, Southey Avenue.
Stand No. 480, Southey Avenue.
Stand No. 481, Southey Avenue.
Stand No. 482, Southey Avenue.

Notice is also given that the owners of the following premises have been called upon, in terms of Section 5 (1) (*b*) of the Slums Act, 1934, as amended, to demolish and to commence such demolition within a period of sixty (60) days from today the following:—

JEPPESTOWN.

Stand No. 233, Rooms 1 to 16 (the whole).

The numbers of rooms or buildings referred to are those appearing on a plan which can be seen on inspection at the office of the Office of the Town Clerk, Municipal Offices, Johannesburg.

BRIAN PORTER,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Johannesburg, 5th August, 1959.
522—5

MUNISIPALITEIT NYLSTROOM.

Kennisgewing geskied hiermee ooreenkomstig Artikel 38 (5) van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet (Wet No. 25 van 1945), dat die Dorpsraad van voornemens is die Lokasietariewe in sekere opsigte te wysig. Besware, indien enige, moet ondergetekende bereik binne 21 dae vanaf eerste publikasie hiervan.

J. DE W. JOUBERT,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Posbus 7,
Nylstroom, 29 Julie 1959.

MUNICIPALITY OF NYLSTROOM.

Notice is hereby given, in terms of Section 38 (5) of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act (Act No. 25 of 1945), that the Council proposes to amend the location tariffs in certain respects. Objections, if any, must reach the undersigned within 21 days from date of first publication hereof.

J. DE W. JOUBERT,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 7,
Nylstroom, 29th July, 1959. 535—5

STADSRAAD VAN CAROLINA.

KENNISGEWING VAN EIENDOMS-BELASTING.

Hiermee word kennis gegee dat die Stadsraad van Carolina, kragtens die magte aan hom verleen ingevolge die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, No. 20 van 1933, soos gewysig, die volgende belasting op alle belasbare eiendom binne die Munisipale gebied, soos aangetoon in die Waardasielys, vir die boekjaar 1 Julie 1959, tot 30 Junie 1960, gehef het:—

(*a*) 'n Oorspronklike belasting van een pennie (1d.) in die pond (£1) op die terreinwaarde van alle grond.

(*b*) 'n *Bykomende belasting van ses pennies* (6d.) in die pond (£1) op die terreinwaarde van alle grond; en

(*c*) 'n Belasting van een en 'n halwe pennie (1½d.) in die pond (£1) op die waarde van alle verbeterings.

Bogemelde belastings is verskuldig en betaalbaar op 1 Julie 1959.

Rente teen sewe (7) persent per jaar sal bygevoeg word by die eiendomsbelasting indien nie betaald voor of op 31 Oktober 1959, en geregtelike stappe sal geneem word vir die invordering van alle agterstallige bedrae.

P. W. DE BRUIN,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Carolina, 31 Julie 1959.

TOWN COUNCIL OF CAROLINA.

NOTICE OF ASSESSMENT RATES.

Notice is hereby given that the following rates on the value of all rateable property within the Municipal area as appearing on the Valuation Roll, have been imposed by the Town Council of Carolina, in terms of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, as amended, for the year *1st July, 1959, to 30th June, 1960, viz:*—

(*a*) An original rate of one penny (1d.) in the pound (£1) on the site value of all land;

(*b*) An additional rate of six pennies (6d.) in the pound (£1) on the site value of all land;

(*c*) A rate of one and one-half penny (1½d.) in the pound (£1) on the value of all improvements.

The above rates shall become due and payable on the 1st July, 1959.

In any case where the rates hereby imposed are not paid on or before the 31st October, 1959, interest will be charged at a rate of seven (7) per cent per annum, and legal proceedings will be instituted for the recovery of all unpaid amounts.

P. W. DE BRUIN,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Carolina, 31st July, 1959. 540—5

STADSRAAD VAN PRETORIA-NOORD.

KENNISGEWING No. 13 VAN 1959.

TUSSENTYDSE WAARDERINGSLYS.

Kennisgewing geskied hiermee ooreenkomstig die bepalings van Artikel 12 van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, No. 20 van 1933, soos gewysig, dat die Tussentydse Waarderingslys van belasbare eiendomme binne die Munisipaliteit van Pretoria-Noord, nou opgestel is.

Die Waarderingslys sal vir 'n tydperk van dertig (30) dae ter insae lê gedurende gewone kantoorure vanaf 1 September 1959, by die Raad se kantore in Burgerstraat, Pretoria-Noord.

Alle persone wat belang het by die Waarderingslys word versoek om enige beswaar wat hulle mag hê ten opsigte van enige belasbare eiendom wat in die Lys voorkom of daaruit weggelaat is of ten opsigte van enige fout gemaak of verkeerde inskrywings wat in die Lys gegee word, binne die tydperk in hierdie kennisgewing genoem in te dien by ondergetekende.

Besware moet op die voorgeskrewe vorms ingedien word by die Raad se kantore te Vader Kestellpark, nie later as 4.30 nm. op 30 September 1959, nie.

A. J. BOTHA,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Posbus 52,
Pretoria-Noord, 30 Julie 1959.

TOWN COUNCIL OF PRETORIA NORTH.

NOTICE No. 13 OF 1959.

INTERIM VALUATION ROLL.

Notice is hereby given, in terms of Section 12 of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, as amended, that the Interim Valuation Roll of rateable properties within the Municipality of Pretoria North, has now been prepared.

The Roll will be available for inspection at the Municipal Offices in Burger Street, Pretoria North, during ordinary office hours, for a period of thirty (30) days as *from 1st September, 1959.*

All parties interested are called upon to lodge within the period stated in this notice, any objections they may have in respect of any rateable property appearing in the Roll or omitted therefrom, or in respect of any error or description in the said Roll.

All objections must be lodged on the prescribed form, not later than 4.30 p.m., *on the 30th September, 1959, with the* undersigned at the Municipal Offices, Vader Kestell Park, Pretoria North.

A. J. BOTHA,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 52,
Pretoria North, 29th July, 1959.
534—5

MUNISIPALITEIT KEMPTONPARK.

DRIEJAARLIKSE WAARDERINGSLYS, 1959/1962.

Kennis word hiermee gegee dat die Waarderingslys waarna verwys word in Kennisgewing No. 2/1959 V.A. van die 8ste Julie 1959, nou behoorlik voltooi en gesertifiseer is, ingevolge die bepalings van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, No. 20 van 1933, en dat dit van toepassing en bindend sal wees op alle belanghebbende partye wat nie binne een (1) maand vanaf datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, beswaar maak teen die uitspraak van die Waarderingshof, en op die wyse soos in die voormelde Ordonnansie bepaal nie.

Op las van die *President van die Hof.*

P. A. VAN SCHALKWYK,
Klerk van die Waarderingshof.

Munisipale Kantore,
Kemptonpark, 5 Augustus 1959.
(No. 5/1959. V.A.)

MUNICIPALITY OF KEMPTON PARK.

TRIENNIAL VALUATION ROLL, 1959/1962.

Notice is hereby given that the Valuation Roll referred to in Notice No. 2/1959 V.A., dated the 8th July, 1959, has now been completed and certified in accordance with the provisions of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, and will become fixed and binding upon all parties concerned who shall not within one (1) month from date of first publication of this notice, appeal against the decision of the Valuation Court in the manner provided in the said Ordinance.

By Order of the President of the Court.

P. A. VAN SCHALKWYK,
Clerk of the Court.

Municipal Offices,
Kempton Park, 5th August, 1959.
(No. 5/1959. V.A.) **517—5**

STADSRAAD VAN EDENVALE.

VOORGESTELDE WYSIGING VAN MUNISIPALE HANDELSVERORDENINGE.

Kennisgewing geskied hiermee kragtens die bepalings van Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, dat die Stadsraad van Edenvale voornemens is om die Munisipale Handelsverordeninge soos afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 820 van 21 Desember 1949, verder te wysig.

Die voorgestelde wysiging sal vir 'n tydperk van 21 dae vanaf die verskyning hiervan gedurende kantoorure op kantoor van die ondergetekende ter insae lê.

F. P. GREEFF,
Stadsklerk.

Munisipale Kantoor,
Edenvale, 29 Julie 1959.
(Kennisgewing No. 1141/79/1959.)

TOWN COUNCIL OF EDENVALE.

PROPOSED AMENDMENT TO THE MUNICIPAL TRADE BY-LAWS.

Notice is hereby given, in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, that the Town Council of Edenvale proposes to amend the Municipal Trade By-laws published under Administrator's Notice No. 20, dated 21st December, 1949.

The proposed amendment will lie open for inspection during normal office hours at the office of the undersigned for a period of 21 days from the date of publication hereof.

F. P. GREEFF,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Edenvale, 29th July, 1959.
(Notice No. 1141/79/1959.) 532—5

MUNISIPALITEIT COLIGNY.

KENNISGEWING No. 12/1959.

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, dat die Raad van voorneme is om die Eenvormige Verkeersverordeninge en Regulasies, afgekondig onder Administrateurskennisgewing No. 243, gedateer 21 Maart 1951, en van toepassing gemaak op Coligny onder Administrateurskennisgewing No. 648, gedateer 27 Julie 1955, te wysig.

Afskrifte van die voorgestelde wysigings sal ter insae lê in die kantoor van die ondergetekende vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum hiervan.

H. A. LAMBRECHTS,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Posbus 31,
Coligny, 24 Julie 1959.

MUNICIPALITY OF COLIGNY.

NOTICE No. 12/1959.

Notice is hereby given in accordance with the provisions of Section 96 of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, as amended, that the Council intends amending the Uniform Traffic By-laws and Regulations, published under Administrator's Notice No. 243, dated 21st March, 1951, and made applicable to Coligny under Administrator's Notice No. 648, dated 27th July, 1955.

Copies of the proposed amendments will lie for inspection at the office of the undersigned for a period of 21 days from date hereof.

H. A. LAMBRECHTS,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 31,
Coligny, 24th July, 1959. 519—5

MUNISIPALITEIT RANDFONTEIN.

KENNISGEWING No. 58 VAN 1959.

EIENDOMSBELASTING.

Hiermee word bekendgemaak dat kragtens magtiging deur die Administrateur verleen, onder Sub-Artikel (5) van Artikel 18 van Ordonnansie No. 20 van 1933, soos gewysig, die volgende belastings op die waarde van belasbare eiendom binne die Munisipale gebied, soos dit op die Waarderingslys verskyn, deur die Stadsraad van Randfontein gehef is, ingevolge die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie No. 20 van 1933, soos gewysig:—

(1) *Ingevolge Artikel* 18 (2) *van Ordonnansie No.* 20 *van* 1933.—'n Oorspronklike belasting vir die jaar 1 Julie 1959 tot 30 Junie 1960, van een pennie (1d.) in die pond (£1) op die terreinwaarde van grond soos dit op die Waarderingslys verskyn, waarvan 'n half pennie (½d.) op 7 Oktober 1959 verskuldig en betaalbaar sal wees en die oorblywende halfpennie (½d.) op 7 April 1960.

(2) *Ingevolge Artikel* 18 (3) *gelees met Artikel* 18 (5) *van Ordonnansie No.* 20 *van* 1933.—'n Addisionele belasting vir die jaar 1 Julie 1959 tot 30 Junie 1960, van sewe-en-'n-half pennies (7½d.) in die pond (£1) op die terreinwaarde van grond en op die verbeterings geleë op grond wat kragtens mynbrief besit word (uitgesonderd grond in 'n wettig-gestigte dorp) sowel as op die terreinwaarde van sodanige grond as bedoelde grond vir woondoeleindes of vir doeleindes wat nie op mynontginning betrekking het nie, deur persone of maatskappye wat by mynontginning betrokke is, gebruik word, onverskillig of sulke persone of maatskappye die besitters van die Mynbrief is of nie, soos dit op die Waarderingslys verskyn, waarvan die helfte op 7 Oktober 1959 en die oorblywende helfte op 7 April 1960 verskuldig en betaalbaar sal wees.

(3) *Ingevolge Artikel* 20 *van Ordonnansie No.* 20 *van* 1933.—'n Ekstra addisionele belasting vir die jaar 1 Julie 1959 tot 30 Junie 1960, van nege pennies (9d.) in die pond (£1) op die terreinwaarde van grond deur kragondernemings binne die Munisipale gebied van Randfontein besit, soos dit op die Waarderingslys verskyn, waarvan die helfte op 7 Oktober 1959 en die oorblywende helfte op 7 April 1960, verskuldig en betaalbaar sal wees.

In ieder geval waar die gehefde belasting nie op die verskuldigde datum betaal is nie, sal rente teen sewe persent (7%) per jaar gevorder word en wetlike stappe sal vir die invordering van die verskuldigde bedrae gedoen word.

Alle belastingbetalers wat nie rekenings vir voorgaande ontvang nie, word versoek om met die Stadstesourier se Departement in verbinding te tree, aangesien die feit dat geen rekening ontvang is nie, hulle nie van aanspreeklikheid vrywaar nie.

C. J. JOUBERT,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Randfontein, 27 Julie 1959.

MUNICIPALITY OF RANDFONTEIN.

NOTICE No. 58 OF 1959.

ASSESSMENT RATES.

Notice is hereby given that, under authority obtained from the Administrator, in terms of Sub-Section (5) of Section (18) of Ordinance No. 20 of 1933, as amended, the following rates on the value of rateable property within the Municipal area, as appearing on the Valuation Roll, have been imposed by the Town Council of Randfontein, in terms of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, as amended:—

(1) *In terms of Section* 18 (2) *of Ordinance No.* 20 *of* 1933.—An original rate for the year 1st July, 1959, to 30th June, 1960, of one penny (1d.) in the pound (£1) on the site value of the land, as appearing on the Valuation Roll, due and payable as to one half thereof on the 7th October, 1959, and the remaining half due and payable on the 7th April, 1960.

(2) *In terms of Section* 18 (3) *read with Section* 18 (5) *of Ordinance No.* 20 *of* 1933.—An additional rate for the year 1st July, 1959, to 30th June, 1960, of seven and a half pence (7½d.) in the pound (£1) on the site value of land and upon improvements situated upon land held under mining title (not being land in a lawfully established township) as well as upon the site value of such land where such land is used for residential purposes, or for purposes not incidental to mining operations, by persons or Companies engaged in mining operations whether such persons or companies are the holders of the mining title or not, as appearing in the Valuation Roll, due and payable as to one half thereof on the 7th October, 1959, and the remaining half due and payable on 7th April, 1960.

(3) *In terms of Section* 20 *of Ordinance No.* 20 *of* 1933.—An extra additional rate of nine pence (9d.) in the pound (£1) on the site value of land held by any power undertaking within the Municipality of Randfontein, as appearing in the Valuation Roll, for the year 1st July, 1959, to 30th June, 1960, due and payable as to one half thereof on the 7th October, 1959, and the remaining half due and payable on the 7th April, 1960.

In any case, where the rate imposed is not paid on the due date, interest will be charged at the rate of seven per cent (7%) per annum, and legal proceedings taken for the recovery thereof.

All ratepayers who do not receive accounts for the above, are advised to inform the Town Treasurer's Department, as the non-receipt of accounts does not relieve them from liability for payment.

C. J. JOUBERT,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Randfontein, 27th July, 1959. 525—5

DORPSRAAD VAN RENSBURG.

PERMANENTE SLUITING VAN PAAIE EN GEDEELTE CILLIERSPLEIN.

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 67 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, dat die Dorpsraad van Rensburg besluit het om die ondergenoemde paaie gedeeltelik te sluit, asook 'n gedeelte van Cilliersplein permanent te sluit.

'n Plan wat die betrokke gedeeltes aantoon lê ter insae in die Kantoor van die Dorpsraad:—

Heidelbergstraat; Vredestraat; Verdoornstraat; Vlokstraat; Nelstraat; Maraisstraat; Romynstraat; Marestraat; Van der Westhuizenstraat; Strydomstraat; Walkerstraat; Vosstraat; Zuidstraat, 'n gedeelte van Bindonstraat tussen Vos- en Zuidstrate.

Enigiemand wat deur sodanige sluiting veronreg is en wat graag kragtens Artikel 67 (4) (*a*) van genoemde Ordonnansie, 'n eis om skadevergoeding wil instel of beswaar teen die sluiting wil maak, moet dit skriftelik in dien binne sestig (60) dae vanaf die datum van publikasie hiervan.

J. I. DU TOIT,
Stadsklerk.

Posbus 1, Rensburg, Transvaal,
4 Augustus 1959.

VILLAGE COUNCIL OF RENSBURG.

PERMANENT CLOSING OF STREETS AND PORTION OF CILLIERS PARK.

Notice is hereby given, in terms of Section 67 of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, that the Village Council of Rensburg has decided to permanently close the undermentioned streets and a portion of Cilliers Park.

A plan showing the nature of the proposed closing may be inspected at the Office of the Village Council during office hours:—

Heidelberg Street; Vrede Street; Verdoorn Street; Vlok Street; Nel Street; Marais Street; Romyn Street; Mare Street; Van der Westhuizen Street; Walker Street; Vos Street; Zuid Street; and a portion of Bindon Street, between Vos Street and Zuid Street.

Any person aggrieved by such closing who is desirous of lodging a claim for compensation with the Council, in terms of Section 67 (4) (*a*) of the said Ordinance, or an objection to such closing, must do so, in writing, not later than sixty (60) days from the date of publication hereof.

J. I. DU TOIT,
Town Clerk.

P.O. Box 1, Rensburg, Transvaal,
4th August, 1959. 538—5

STAD GERMISTON.

PROKLAMERING VAN PAD.—AANSTELLING VAN SKEIDSREGTERS.

Kennis word hiermee gegee dat aansoek by die Hooggeregshof van Suid-Afrika gedoen sal word kragtens die bepalings van Artikel 11 van die Local Authorities Roads Ordinance (Ordonnansie No. 44 van 1904), om die aanstelling van drie Skeidsregters om te beslis oor enige geskil tussen die Stadsraad en enige van die volgende persone wie se eiendomme deurkruis word deur die pad na Natalspruit, die proklamering waarvan aansoek voor gedoen is by die Administrateur:—

1. Mnr. C. D. Bulman.
2. Mnr. J. A. Lugtenburg.
3. Die Stadsraad van Alberton.

Die Stadsraad het besluit dat die naam van mnr. M. A. G. Ruddock aan die Hooggeregshof voorgelê word vir aanstelling as een van die Skeidsregters.

H. S. MILLER,
Stadsklerk.

Stadskantore,
Germiston, 30 Julie 1959.
(No. 134/59.)

CITY OF GERMISTON.

PROCLAMATION OF ROAD.—APPOINTMENT OF ARBITRATORS.

Notice is hereby given that application will be made to the Supreme Court of South Africa in terms of Section 11 of the Local Authorities Roads Ordinance (Ordinance No. 44 of 1904), for the appointment of three Arbitrators to determine any disputes between the Council and any of the following persons whose properties are traversed by the road to Natalspruit which the Administrator has been petitioned to proclaim as a public road:—

1. Mr. C. D. Bulman.
2. Mnr. J. A. Lugtenburg.
3. Town Council of Alberton.

The Council has resolved that the name of Mr. M. A. G. Ruddock be submitted to the Supreme Court for appointment as one of the Arbitrators.

H. S. MILLER,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Germiston, 30th July, 1959.
(No. 134/59.) 541—5

MUNISIPALITEIT ROODEPOORT-MARAISBURG.

SLUITING EN VERVREEMDING VAN GROND.

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Roodepoort-Maraisburg voornemens is om, onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur:—

(i) Erf No. 664, Florida Park permanent te sluit en te vervreem vir die oprigting daarop van 'n Hoërskool vir seuns.

(ii) Gedeelte van Derdestraat, Roodepoort-Wes permanent te sluit en te vervreem aan die Provinsiale Administrasie vir inlywing by die skoolterrein.

(iii) Alle strate, oop ruimtes en parke in Bosmot en New Monteleo, met die uitsondering van Maraisburgweg, permanent te sluit en die gedeeltes wat aldus gesluit word asook alle Munisipale erwe aan die Unieregering te vervreem.

(iv) Helpmekaar Pad vanaf die Konsessiewinkel tot by sy westelike eindpunt permanent te sluit en daarna as privaatpad te laat vir uitsluitlike gebruik deur Rand Leases (Vogelstruisfontein) Gold Mining Company, Ltd.

Besonderhede van voorgestelde sluitings en vervreemdings lê ter insae gedurende kantoorure ten kantore van die ondergetekende.

Enige eienaar, huurder of bewoner van grond wat grens aan die gedeeltes wat gesluit en vervreem staan te word, of enige ander persoon wat hom benadeel ag en beswaar het teen die voorgestelde sluiting en/of vervreemding van grond, moet die ondergetekende binne 60 (sestig) dae vanaf datum van eerste publikasie hiervan skriftelik verwittig van sodanige beswaar.

J. J. SADIE,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Roodepoort, 5 Augustus 1959.
(Munisipale Kennisgewing No. 59/1959.)

MUNICIPALITY OF ROODEPOORT-MARAISBURG.

CLOSING AND ALIENATION OF LAND.

It is hereby notified, in terms of the provisions of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, as amended, that it is the intention of the Town Council of Roodepoort-Maraisburg, subject to the necessary consent of the Administrator to:—

(i) Close permanently Park No. 664, Florida Park with the object of alienating the land for the purpose of erecting a Boys' High School thereon.

(ii) Close permanently portion of Third Street, Roodepoort West, and to alienate the portion thus closed to the Provincial Administration for incorporation with the school grounds.

(iii) Close permanently all streets, open spaces and parks in Bosmot and New Monteleo Townships, with the exception of Maraisburg Road and to alienate the land thus closed and all Municipal erven to the Union Government.

(iv) Close permanently the Helpmekaar Road from the Concession Store to its western end and thereafter to leave it as private road for the exclusive use by Rand Leases (Vogelstruisfontein) Gold Mining Co., Ltd.

Details of the proposed closures and alienations may be inspected during normal office hours at the office of the undersigned.

Any owner, lessee or occupier of land abutting the portions to be closed and alienated, or any other person aggrieved and who objects to the proposed closing and/or alienation of land, must serve written notice upon the undersigned of any such objection within 60 (sixty) days from date of first publication hereof.

J. J. SADIE,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Roodepoort, 5th August, 1959.
(Municipal Notice No. 59/1959.) 523—5

STADSRAAD VAN WITBANK.

KENNISGEWING VAN EIENDOMSBELASTING.

Hiermee word kennis gegee dat die Stadsraad van Witbank, kragtens die magte aan hom verleen ingevolge die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, No. 20 van 1933, soos gewysig, die volgende belasting op alle belasbare eiendomme binne die Munisipale gebied, soos aangetoon in die Waardasielys, vir die boekjaar 1 Julie 1959, tot 30 Junie 1960, gehef het:—

(*a*) 'n Oorspronklike belasting van een pennie (1d.) in die pond (£1) op die terreinwaarde van alle grond binne die Munisipale gebied soos aangetoon word in die Waardasielys, waarvan een halfpennie (½d.) verskuldig en betaalbaar is op 30 September 1959, en die oorblywende halfpennie (½d.) op 31 Maart 1960.

(*b*) 'n Bykomende belasting van ses pennies (6d.) in die pond (£1) op die terreinwaarde van alle grond binne die Munisipale gebied soos aangetoon word in die Waardasielys, waarvan drie pennies (3d.) verskuldig en betaalbaar is op 30 September 1959, en die oorblywende drie pennies (3d.) op 31 Maart 1960.

(*c*) 'n Verdere addisionele belasting van twee pennies (2d.) in die pond (£1) op die terreinwaarde van alle grond binne die Munisipale gebied soos aangetoon word in die Waardasielys, waarvan een pennie (1d.) verskuldig en betaalbaar is op 30 September 1959, en die oorblywende een pennie (1d.) op 31 Maart 1960.

(*d*) 'n Belasting van ses-agste pennie (6/8d.) in die pond (£1) op die waarde van alle verbeterings binne die Munisipale gebied soos aangetoon word in die Waardasielys, waarvan drie-agste pennie (⅜d.) verskuldig en betaalbaar is op 30 September 1959, en die oorblywende drie-agste pennie (⅜d.) op 31 Maart 1960.

Indien bogenoemde belastings nie op die datums wanneer dit verskuldig is, betaal word nie, sal 'n boete van sewe persent (7%) per jaar op die agterstallige bedrae van die betrokke eienaars gevorder word.

A. F. DE KOCK,
Stadsklerk

Munisipale Kantore,
Witbank, 23 Junie 1959.
(Kennisgewing No. 34 van 1959.)

TOWN COUNCIL OF WITBANK.

NOTICE OF ASSESSMENT RATES.

Notice is hereby given that the following rates on the value of all rateable property within the Municipal area as appearing on the Valuation Roll, have been imposed by the Town Council of Witbank, in terms of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, as amended, viz:—

(*a*) An original rate for the year 1st July, 1959, to the 30th June, 1960, of one penny (1d.) in the pound (£1) on the site value of land within the Municipality appearing on the Valuation Roll to become due and payable as to one half-penny (½d.) on the 30th September, 1959, and as to the remaining one half-penny (½d.) on the 31st March, 1960.

(*b*) An additional rate of six pennies (6d.) in the pound (£1) for the year, 1st July, 1959, to the 30th June, 1960, on the site value of land within the Municipality as appearing on the Valuation Roll, to become due and payable as to three pennies (3d.) on the 30th September, 1959, and the remaining three pennies (3d.) on the 31st March, 1960.

(*c*) An extra rate of two pennies (2d.) in the pound (£1) for the year 1st July, 1959, to the 30th June, 1960, on the site value of land within the Municipality as appearing on the Valuation Roll, to become due and payable as to one penny (1d.) on the 30th September, 1959, and the remaining one penny (1d.) on the 31st March, 1960.

(*d*) A rate of six-eighth penny (6/8d.) in the pound (£1) on the value of all improvements within the Municipality as appearing on the Valuation Roll, to become due and payable as to three-eighth penny (⅜d.) on the 30th September, 1959, and the remaining three-eighth penny (⅜d.) on the 31st March, 1960.

In any case where the rates hereby imposed are not paid on the due dates, interest will be charged at a rate of seven per cent (7%) per annum.

A. F. DE KOCK,
Town Clerk.

Municipal Offices.
Witbank, 23rd June, 1959.)
(Notice No. 34 of 1959.)

489—22-29-5

GESONDHEIDSKOMITEE VAN TRICHARDT.

EIENDOMSBELASTING, 1959/60.

Kennisgewing geskied hiermee dat die volgende belastings op die waarde van alle belasbare eiendomme binne die jurisdiksiegebied van die Gesondheidskomitee van Trichardt, soos dit op die Waarderingslys voorkom, deur genoemde Komitee in terme van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, 1933, opgelê is vir die jaar eindigende 30 Junie 1960, naamlik:—

(*a*) 'n Oorspronklike belasting van een pennie (1d.) in die pond (£1) op die liggingswaarde van grond.

(*b*) 'n Addisionele belasting van vier pennies (4d.) in die pond (£1) op die liggingswaarde van grond.

Die bogenoemde belasting is nou verskuldig en moet betaal word voor of op 31 Januarie 1960.

G. J. VAN EEDEN,
Sekretaris.

Trichardt, 29 Julie 1959.

HEALTH COMMITTEE OF TRICHARDT.

ASSESSMENT RATE, 1959/60.

Notice is hereby given that the following rates on the value of all rateable property within the area of jurisdiction of the Trichardt Health Committee as appearing on the Valuation Roll, have been imposed by the said Committee in terms of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933, for the year ending 30th June, 1960, viz:—

(*a*) An original rate of one penny (1d.) in the pound (£1) on the site value of land.

(*b*) An additional rate of four pennies (4d.) in the pound (£1) on the site value of land.

The above rates are now due and must be paid on or before the 31st January, 1960.

G. J. VAN EEDEN,
Secretary.

Trichardt, 29th July, 1959. 539—5

STADSRAAD VAN SPRINGS.

PROKLAMERING VAN DAGBREEKWEG.—DIE PLAAS GROOTVALY No. 124, REGISTRASIEVERDELING I.R., DISTRIK SPRINGS.

Kennisgewing geskied hiermee kragtens die Local Authorities Roads Ordinance, No. 44 van 1904), dat die Stadsraad van Springs 'n versoekskrif tot Sy Edele die Administrateur gerig het om die besondere pad wat oor die algemeen vyftig Kaapse voet breed is en as Dagbreekweg beskryf en omskryf word deur Kaart S.G. No. A.7058/58 (R.M.T. No. 564) wat deur landmeter A. Kalk geteken is ná 'n opmeting wat in Junie/Julie 1958 gedoen is, en wat op die plaas Grootvaly No. 124, Distrik Springs, oor geproklameerde grond loop wat in die naam van Grootvlei Proprietory Mines, Limited, geregistreer is en ook op Kaarte Nos. 5001, 5003 en 5004 (S.G. Nos. B.81/31, B.103/35 en B.104/35, onderskeidelik), omskryf is, as 'n openbare pad te proklameer.

Die voorgestelde pad begin by Ermeloweg langsaan Kleinhoewe No. 65, Grootvaly-kleinhoewes, en dit loop vir ongeveer 2,500 Kaapse voet in 'n noordoostelike rigting en eindig by die oostelike grens van Kleinhoewe No. 69, Grootvaly-kleinhoewes.

Die regte wat deur die voorgestelde proklamering geraak word, word in die Bylaes wat hierby aangeheg word, omskryf.

'n Afskrif van die versoekskrif, kaarte en die bylaes kan daagliks gedurende kantoorure in die kantoor van die ondergetekende besigtig word.

Enige belanghebbende persoon wat graag 'n beswaar teen die proklamering van die voorgestelde pad wil indien, moet so 'n beswaar binne een maand vanaf 12 Augustus 1959 skriftelik in tweevoud by die Provinsiale Sekretaris, Pretoria, en die Stadsklerk, Springs, indien.

J. BURRUS,
Stadsklerk,

Stadhuis,
Springs, 7 Julie 1959.
(No. 73.)

M.T. 217/259/1.

BYLAE A.

(Wat by Padsertifikaat No. D. 8 van 1959 aangeheg word.)

MYNBRIEF WAT DEUR DAGBREEKWEG OORKRUIS WORD, SOOS DEUR KAART R.M.T. No. 564 OMSKRYF IS.

1. Kleims wat deur Kaarte R.M.T. Nos. 5001, 5003 en 5004 (S.G. Nos. B. 81/31, B. 103/35 en B. 104835, onderskeidelik,) omskryf word, en in die naam van Grootvlei Proprietary Mines, Limited, geregistreer is.

M.T. 217/259/1.

BYLAE B.

(Wat by Padsertifikaat No. D. 8 van 1959 aangeheg word.)

ANDER REGTE BEHALWE MYNBRIEWE WAT DEUR DAGBREEKWEG, WAARNA IN BYLAE A VERWYS IS.

Geen.

TOWN COUNCIL OF SPRINGS.

PROCLAMATION OF DAGBREEK ROAD.—FARM GROOTVALY No. 124, REGISTRATION DIVISION I.R., DISTRICT SPRINGS.

Notice is hereby given, in terms of the Local Authorities Roads Ordinance, No. 44 of 1904, that the Town Council of Springs has petitioned the Honourable the Administrator to proclaim as a public road certain road generally fifty Cape feet wide described as Dagbreek Road on and defined by Diagram S. G. No. A.7058/58 (R.M.T. No. 564) framed by land surveyor A. Kalk from a survey performed in June/July, 1958, traversing proclaimed land registered in the name of Grootvlei Proprietary Mines, Limited, and defined by Diagrams R.M.T. Nos. 5001, 5003 and 5004 (S.G. Nos. B.81/31, B.103/35 and B.104/35 respectively) on the farm Grootvaly No. 124, District Springs.

The proposed road commences at Ermelo Road adjacent to Plot No 65, Grootvaly Smallholdings and proceeds in a north-eastern direction for approximately 2,500 Cape feet and terminates at the eastern boundary of Plot No. 69, Grootvaly Smallholdings.

The rights affected by the proposed proclamation are described in the Schedules hereto.

A copy of the petition, diagrams and schedules can be inspected daily during office hours at the office of the undersigned.

Any person interested, desiring to lodge any objection to the proclamation of the proposed road, must lodge such objection, in writing in duplicate with the Provincial Secretary, Pretoria, and the Town Clerk, Springs, within one month from the 12th August, 1959.

J. BURRUS,
Town Clerk.

Town Hall,
Springs, 7th July, 1959.
(No. 73.)

M.T. 217/259/1.

SCHEDULE A.

(Attached to Road Certificate No. D. 8 of 1959.)

MINING TITLE TRAVERSED BY DAGBREEK ROAD AS DEFINED BY DIAGRAM R.M.T. No. 564.

1. Claims defined by Diagrams R.M.T. Nos. 5001, 5003 and 5004 (S.G. Nos. B. 81/31, B. 103/35 and B. 104/35 respectively), and registered in the name of The Grootvlei Proprietary Mines, Limited.

M.T. 217/259/1.

SCHEDULE B.

(Attached to Road Certificate No. D. 8 of 1959.)

RIGHTS OTHER THAN MINING TITLES AFFECTED BY DAGBREEK ROAD REFERRED TO IN SCHEDULE A.

Nil.

479—22-29-5

STADSRAAD VAN KLERKSDORP.

DORPSAANLEGSKEMA No. 1/20.

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge Artikel 35 (2) van die Dorpe- en Dorpsaanlegordonnansie, 1931 en die Regulasies daarkragtens opgestel, dat die Stadsraad van voorneme is om bogemelde skema aan te neem.

Hierdie skema wysig die Klerksdorp Dorpsaanlegskema No. 1 van 1947 as volg:—

(1) Die digtheidsindeling van gedeelte van gedeelte van Erf No. 66, Lot B, Oudorp word van „een woonhuis per 10,000 vierkante voet" na „een woonhuis per 8,000 vierkante voet" verander sodat die eiendom in twee gedeeltes onderverdeel kan word.

(2) Die gebruiksindeling van Gedeelte 7 van Gedeelte A van Erf No. 51, Oudorp word van „spesiale woongebied" na „algemene besigheid" verander.

Die ontwerp-skema en Kaart No. 1 lê ter insae op kantoor van die ondergetekende gedurende kantoorure en enige beswaar daarteen moet skriftelik by ondergetekende ingedien word voor of op Woensdag, 9 September 1959.

J. C. LOUW,
Waarnemende Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Klerksdorp, 20 Julie 1959.
(Kennisgewing No. 58/59.)

TOWN COUNCIL OF KLERKSDORP.

TOWN-PLANNING SCHEME No. 1/20.

Notice is hereby given, in terms of Section 35 (2) of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, and the Regulations framed thereunder, that it is the Council's intention to adopt the abovementioned scheme.

This scheme is to amend the Klerksdorp Town-planning Scheme No. 1 of 1947 as follows:—

(1) The density zoning of portion of portion of Erf No. 66, Lot B, Old Town is amended from "one dwelling-house per 10,000 square feet" to "one dwelling-house per 8,000 square feet" so that the property may be subdivided into two portions.

(2) The use zoning of Portion 7 of Portion A of Erf No. 51, Old Town is amended from "special residential" to "general business".

The draft scheme and Map No. 1 may be inspected at the office of the undersigned during office hours and any objection thereto must be lodged, in writing, with the undersigned on or before Wednesday, 9th September, 1959.

J. C. LOUW,
Acting Town Clerk.

Municipal Offices,
Klerksdorp, 20th July, 1959.
(Notice No. 58/59.) 504—29-5-12

STAD GERMISTON.

PERMANENTE SLUITING VAN SANITASIESTEEG GRENSENDE AAN ERWE Nos. 219 TOT 226, GERMISTON UITBREIDING No. 4 DORPSGEBIED.

Kragtens Artikel 67 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, word bekendgemaak dat die Stadsraad van Germiston besluit het om die sanitasiesteeg grensende aan Erwe Nommers 219 tot 226, Germiston Uitbreiding No. 4 Dorpsgebied, permanent te sluit.

Enigiemand wat deur sodanige sluiting verontreg is en wat graag kragtens Artikel 67 (4) (*a*) van Ordonnansie No. 17 van 1939, *soos gewysig, 'n eis om skadevergoeding* teen die Stadsraad van Germiston wil instel of beswaar teen die sluiting kragtens vermelde Ordonnansie wil opper, moet *dit op sy laatste 12 Oktober 1959 doen.*

'n Plan wat die voorgenome sluiting aandui lê daagliks tydens kantoorure by die kantore van die ondergetekende ter insae.

H. S. MILLER,
Stadsklerk.

Stadskantore,
Germiston, 28 Julie 1959.
(No. 131/59.)

CITY OF GERMISTON.

PERMANENT CLOSING OF SANITARY LANE ABUTTING ON STANDS Nos. 219 TO 226, GERMISTON EXTENSION No. 4 TOWNSHIP.

Notice is hereby given, in terms of Section 67 of the Local Government Ordinance No. 17 of 1939, as amended, that the City Council of Germiston has decided to permanently close the sanitary lane abutting on Stands Nos. 219 to 226, Germiston Extension No. 4 Township.

Any person aggrieved by such closing who is desirious of lodging a claim for compensation with the City Council of *Germiston in terms of Section 67 (4) (a)* of Ordinance No. 17 of 1939, as amended, or an objection to such closing in terms of the said Ordinance must do so on or before the 12th October, 1959.

A plan showing the nature of the proposed closing may be inspected at the office of the undersigned daily during office hours.

H. S. MILLER,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Germiston, 28th July, 1959.
(No. 131/59.) 527—5

STAD JOHANNESBURG.

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE BOU- EN KINEMATOGRAAFVERORDENINGE.

Hierby word ingevolge die bepalings van Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg voornemens is om sy Bou- en Kinematograafverordeninge te wysig deur Artikel No. 429, wat bepaal dat sekere bedrae betaal moet word wanneer aansoek om verandering van indeling gedoen word, te skrap aangesien daar nou ander wetsbepalings in dié verband bestaan.

'n Afskrif van die voorgestelde wysiging lê een-en-twintig dae lank vanaf die datum van hierdie kennisgewing in Kamer 100, Stadhuis, Johannesburg, ter insae.

BRIAN PORTER,
Stadsklerk.

Stadhuis,
Johannesburg, 5 Augustus 1959.

CITY OF JOHANNESBURG.

PROPOSED AMENDMENT TO BUILDING AND CINEMATOGRAPH BY-LAWS.

It is hereby notified, in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that the City Council of Johannesburg proposes to amend its Building and Cinematograph By-laws by the deletion of By-law No. 429, which makes provision for certain payments on applications for rezoning as these payments are now being governed by other legislation.

Copies of this amendment are open for inspection at Room No. 100, Municipal Offices, Johannesburg, during a period of twenty-one days from the date of this notice.

BRIAN PORTER,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Johannesburg, 5th August, 1959. 526—5

STADSRAAD VAN VEREENIGING.

PROKLAMERING VAN OPENBARE PAD.

